

GEMEENTE. SUPPLEMENT 4

[KERKLIKE SAKRAMENT] DIE PRAKTYK VAN DIE CHRISTELIKE DOOP

Vergelyk handleiding 6, les 13 vir die betekenis van die christelike doop: A, B en C.

* = Lees hierdie Bybelgedeelte

D. 'N SAMEVATTING VAN DIE CHRISTELIKE DOOP	p. 1
E. DIE PRAKTIESE METODE OF MANIER OM MET WATER TE DOOP	p. 2
F. TEKENINGE OOR DIE CHRISTELIKE DOOP IN DIE VROEË CHRISTENDOM	p. 9
G. WIE MAG MET WATER DOOP	p.10
H. DIE DOOP VAN KINDERS IN DIE KERKGESKIEDENIS	p.11
I. WANNEER MOET DAAR MET WATER GEDOOP WORD	p.14
J. DIE VRAAG OF IEMAND 'N TWEDE KEER MET WATER GEDOOP MAG WORD	p.20
K. DIE VERHOUDING TUSSEN CHRISTENE ONDERLING M.B.T. DIE DOOP	p.22

D. 'N SAMEVATTING VAN DIE CHRISTELIKE DOOP

1. Die christelike doop is die doop met die Gees en die doop met water.

Die christelike doop is b  alles die onsigbare doop met die Gees.

Die christelike doop met water is die sigbare teken en seel van die onsigbare doop met die Gees.

N t Jesus Christus doop mense met die Gees. Die wedergeboorte van bo (van God) is die werklikheid.

Maar Christene doop mense met water. Die doop met water is God se teken en seel dat die werklikheid plaasgevind het.

(1) Die doop met die Gees beteken:

- Om met Jesus Christus in sy dood verenig te wees (Romeine 6:3,4a,5a)
- en om verenig te wees met Jesus Christus in sy opstanding (Romeine 6:4b,5b)

(2) Die doop met die Gees loop uit op:

- besny wees in die hart (Romeine 2:28-29) waardeur die ou mens met Christus gekruisig is, sodat jy nie meer langer 'n slaaf van die sonde is nie (Romeine 6:6; Efesi rs 4:23)
- en verenig wees met die Drie-enige God (Matteus 28:19) waardeur die nuwe mens deel het in die verlossingswerk van Jesus Christus wat volbring is (Efesi rs 1:3-7; 2:5-7)

(3) Die doop met die Gees het 'n uitwerking op:

- jou verlede: jy is nou al wedergebore (Titus 3:4-8), geregverdig (al jou sondes is vergewe) (Romeine 4:6-8) en verlos van die skuld en die mag van die sonde (Romeine 6: 6-7), en van die toorn van God (Romeine 5:9-10)
- jou hede: jy is nou ook 'n burger van God se verbondsvolk (Galasi rs 3:26-29), 'n burger van God se Koninkryk (Johannes 3:3-8) en 'n lid van die w reldwye Liggaam (Kerk/Gemeente) van Christus (1 Korinti rs 12:12-13; Efesi rs 2:19-22; 3:6). Jy wil, kan en sal meer en meer heilig en regverdig lewe (Romeine 6:11-14,19), jy sal bly groei as 'n dissipel van Christus en jy sal andere help om dissipels van Christus te word (Matteus 28:19-20)
- en jou toekoms: jou gees (Johannes 3:1-3) en jou liggaam (Filippense 3:20-21) sal volledig gelykvormig wees aan di  van Jesus Christus en jy sal vir ewig op die nuwe aarde leef in die sigbare teenwoordigheid van God (Openbaring 21:1-5).

2. Wanneer die doop met die Gees en die doop met water van mekaar geskei word.

(1) Wanneer die doop met water van die doop met die Gees geskei word

Wanneer die doop met water en die doop met die Gees van mekaar geskei word, ontstaan 'n on-Bybelse leerstelling, naamlik, dat die bediening van die doop met water iets deur 'n mens teweeg bring, wat net God teweeg k n bring!

Byvoorbeeld, sommige mense leer dat die doop met water die genade van God in 'n mens ingiet sodat hy in staat is om deur sy eie vrye wil en sy eie goeie werke sy eie verlossing te bewerkstellig. En andere leer dat die doop met water en selfs die opl  van hande die doop met die Gees (die wedergeboorte) teweegbring.

(2) Wanneer die doop met die Gees van die doop met water geskei word

Wanneer die doop met die Gees van die doop met water geskei word, ontstaan 'n ander on-Bybelse leerstelling, naamlik, dat die doop met die Gees iets anders teweegbring as die wedergeboorte deur die Gees!

Byvoorbeeld, sommige mense leer dat die doop met die Gees 'n tyd n  die wedergeboorte deur die Gees spesiale krag en geestesgawes skenk aan die persoon wat met die Gees gedoop word.

Christene moet onderskeid kan maak tussen doop met die Gees, wat 'n *eenmalige* gebeurtenis is (Handelinge 11:14-18), en die vervulling met die Gees, wat 'n *aanhoudende of herhalende* gebeurtenis is (Efesi rs 5:18).

3. Die praktyk van die doop met die Gees en die doop met water word nie voorgeskryf nie.

Hoewel die Griekse woord vir 'doop' (Grieks: baptizó): gedeeltelik indoop, heeltemal onderdompel, of afwas/afspoel kan beteken, word **DIE WOORD IN DIE BYBEL NET IN 'N RITUELE OF FIGUURLIKE (GEESTELIKE) BETEKENIS GEBRUIK.**¹ Die woord 'doop' word gebruik:

- van die reinigingsrituele (dooprituele) in die Ou Testament
- van die doop met die Gees in die Nuwe Testament wat alle sondes afwas en 'n mens met Christus beklee
- van die doop met water in die Nuwe Testament wat die doop met die Gees simboliseer
- en van die oorbewaldiging deur lyding (van vervolginge).

Alle Christene behoort dieselfde oortuiging te hê oor *die betekenis* van die christelike doop. En alle Christene behoort ander Christene te onderrig in die Bybelse betekenis van die christelike doop en nie in hulle tradisionele onderrig oor die doop nie.

Omdat die praktiese metode of wyse waarop die doop met water moet gebeur, nie in die Bybel geleer, voorgeskryf, beveel of verbied word nie, het alle Christene die vryheid om te kies watter manier van doop met water hulle die meeste aanspreek. Maar hulle moet nie 'n bepaalde manier van doop met water aan ander Christene oplê en ook nie die manier van doop met water deur ander Christene veroordeel nie.

Hoewel die doop met die Gees 'n absolute noodsaaklike bevel is: "Julle moet opnuut gebore word" (Johannes 3:7), mag die doop met die Gees nie deur mense gemanipuleer word nie. En hoewel die doop met water beveel word: "Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matteus 28:19), mag 'n bepaalde vorm van doop met water nie op ander Christene afgedwing word nie. Alle Christene is pelgrims op verskillende fases van hulle geestelike groei tussen wedergeboorte (die begin van hulle verlossing) en verheerliking (die voltooiing van hulle verlossing). Die verantwoordelikheid van Christene is om te saai en nat te gooi, maar dis slegs God wat die werklike groei gee (1 Korintiërs 3:5-9).

E. DIE PRAKTIESE METODE OF MANIER OM TE DOOP MET WATER

1. Die doop met water is 'n bevel (*Matteus 28:19).

Die woord 'doop' is verbind aan die groot opdrag om dissipels van Christus in alle volke te maak. Die doop met water is geen opsie vir Christene nie, maar 'n bevel van Christus. Mense wat in Jesus Christus glo, behoort deur 'n ander Christen met water gedoop te word in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. Hulle behoort gedoop te word in die konteks van die maak van dissipels en hulle moet daarom geleer (nie geforseer nie) word om die bevel van Jesus Christus (d.i. die Bybel) te gehoorsaam.

Toe Paulus tot bekering gekom het, het het Ananias hom beveel: "(letterlik:) Staan *eens en vir altyd* op (ANV: waarom nog wag? Kom), (aoristus, aktief), en laat jou *eens en vir altyd* doop (imperatief, aoristus, medium), en eens en vir altyd jou sondes afwas (imperatief, aoristus, medium) onder *eens en vir altyd* aanroeping (imperatief, aoristus, medium) van die Naam van die Here" (Handelinge 22:16).

Hoewel geloof in Jesus Christus 'n voorwaarde vir verlossing is, is om met water gedoop te word geen voorwaarde vir verlossing nie (Markus 16:16). Terwyl geloof en die doop met die Gees 'n voorwaarde is vir lidmaatskap van die wêreldwye Liggaam (die Kerk/Gemeente) van Christus (1 Korintiërs 12:13), word daar nêrens in die Bybel geleer dat die doop met water 'n voorwaarde vir lidmaatskap van 'n plaaslike gemeente is nie (bv. van 'n bepaalde kerkgenootskap). Formele lidmaatskap van 'n bepaalde kerkgenootskap is heeltemal onbekend in die Bybel. Die opbreek in verskillende kerkgenootskappe (partyskappe) is 'n sigbare teken van geestelike onvolwassenheid en wêreldsheid (1 Korintiërs 3:1-4)!

2. Die doop met water word deur 'n ander Christen gedoen.

As 'n gelowige nadink oor hoe hy tot geloof in Jesus Christus gekom het, moet hy die gevolgtrekking maak dat God altyd die eerste tree na hom toe gegee het lank voordat hy sy eerste tree na God toe gegee het (Efesiërs 1:4-5). God het 'n ander Christen gebruik om die evangelie aan hom te verkondig. Slegs wanneer 'n mens die evangelie gehoor het, is hy in staat om na Christus te draai en in Hom te glo (Romeine 10:17).

Wanneer die Heilige Gees iemand in die hart raak, moet hy hom *eens en vir altyd* bekeer: d.w.s. moet hy sy denke verander (Grieks: metanoéo)(imperatief, aoristus) en moet hy hom *eens en vir altyd* laat doop met water (Grieks: baptizó) (*Handelinge 2:37-39). As hy die Woord van God (die evangelie) aanneem, word hy *eens en vir altyd* met water gedoop (Grieks: baptizó) en *eens en vir altyd* toegevoeg tot die groep mense wat verlos is (Handelinge 2:41,47). Hy wy hom *voortdurend* toe aan die leer van die apostels (die boodskap van die Bybel), die gemeenskap (met ander Christene), die breek van die brood (die liefdesmaaltye wat die nagmaal insluit) en die gebede (Handelinge 2:42).

Die nuwe gelowige doop nie homself nie, maar word deur 'n ander Christen met water gedoop. So gee hy te kenne dat God die eerste tree na hom geneem het deur aan hom sy Heilige Gees te gee (Johannes 1:12-13). Onthou dat die mees

¹ A Greek-English Lexicon of the New Testament and other Early Christian Literature, Bauer, Arndt and Gingrich

sigbare teken van die doop met die Gees (d.i. die wedergeboorte) is groei tot 'n volwasse, funksionerende en volhardende dissipel binne die wêreldwye Kerk/Gemeente (die ontstaan van 'n plaaslike gemeente).

3. Die doop met water word in die Naam van Jesus Christus gedoen.

Dit beteken twee dinge:

(1) Die persoon wat doop (die dooper) sê iets.

Namens God gee die dooper aan die dopeling die getuigenis van God. Die dooper doop hom in die Naam van die Drie-enige God (Matteus 28:19) of “in die Naam van” (Grieks: en tó onomati) Jesus Christus (Handelinge 10:48). Hy doop op gesag van die bevel van Christus en spreek daarmee uit dat die doop met die Gees die nuwe gelowige bring in 'n essensiële verhouding met die Een wat hierdie Naam dra, naamlik: die Drie-enige God of Jesus Christus (wat die sigbare Beeld van die onsigbare God is).

(2) Die persoon wat gedoop word (die dopeling) sê ook iets.

Die persoon wat met water gedoop word, sê ook iets. Hy gee aan God en aan die mense wat teenwoordig is 'n getuigenis. Hy “roep die Naam van die Here Jesus Christus aan” of bely sy Naam (Grieks: epi tó onomati) (*Handelinge 2:38) of “roep sy Naam aan” (Grieks: epikalasamenos to onoma autou) (*Handelinge 22:16). Dit beteken die volgende: Hy bely sy geloof in Jesus Christus:

- hy erken al die aansprake van Jesus Christus
- onderwerp hom aan die onderrig van Christus
- bely daarmee sy afhanklikheid van Christus
- en wy hom toe om Christus te gehoorsaam en te dien.

Of hy spreek 'n gebed tot God uit. Of hy vra die gemeente om 'n bepaalde lied saam met hom te sing. Of hy vertel hoe hy tot geloof in Jesus Christus gekom het en die stap geneem het om met water gedoop te word.

4. Die metode van die doop met water word nie in die Bybel voorgeskryf nie.

Die Bybel leer baie duidelik die betekenis van die christelike doop met die Gees, waarvan die doop met water die sigbare teken en seël is. Maar die tydskrif waarop die doop met water sou moes plaasvind en die metode waarop gedoop sou moes word, word glad nie in die Bybel geleer, voorgeskryf, beveel of verbied nie! Hierdie dinge word *in die historiese konteks beskryf*. Die gemeente of 'n leraar behoort dus aan die nuwe gelowige duidelike onderrig te gee oor die betekenis van die christelike doop en duidelik uit te lê wat die doop met die Gees en die doop met water in die Bybel beteken. Maar 'n bepaalde metode of praktyk van die doop met water word nêrens in die Bybel voorgeskryf of afgedwing op die nuwe gelowige nie.

5. Die metode van die doop met water word nie deur die betekenis van die christelike doop geleer of voorgeskryf nie.

(1) Markus 10:38-39.

Jesus sê, “Kan julle die lydingsbeker drink wat Ek drink, of met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop word?” (Grieks: dunasthe ... to baptisma ho egó baptizomai baptisthénai)? “Die beker wat Ek drink, sal julle drink, ja, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.”

Hierdie doop van Jesus Christus en sy volgelinge verwys nie na die doop met die Gees of die doop met water nie, maar na die doop of oorweldiging deur ontberings en lyding. Nietemin is Jesus en sy volgelinge nie ondergedompel in hierdie ontberings en lyding nie, maar is oorweldig deur hierdie ontberings en lyding wat oor hulle gekom het (vergelyk 2 Timoteus 3:12).

(2) *1 Korintiërs 12:13.

“(Letterlik:) Ons is almal immers deur één Gees tot één liggaam gedoop (Grieks: pantes eis hen sóma ebaptisthémén), of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk.”

Gedoop word met die Gees beteken: van één Gees deurdrenk te word of van één Gees te drinke kry. Maar dit beteken nie dat die metode vir die doop met water uitgebeeld moet word deur *die dopeling iets te laat drink nie*.

(3) *Galasiërs 3:26-27.

“Want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is (Grieks: eis Christon ebaptisthété), het julle met Christus bekleed (ANV: het nou deel van Christus geword)”

Gedoop word met die Gees beteken: om bekleed te word met Christus. Maar dit beteken nie dat die metode vir die doop met water uitgebeeld moet word deur *die dopeling 'n doopkleed aan te trek nie*. Dit is nie verbode om 'n doopkleed aan te trek nie, maar dit word sekerlik nie geleer, beveel of voorgeskryf nie!

(4) *Kolossense 2:11-12.

“Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny ...dit bestaan in die wegneem (letterlik: uittrek) van die sondige natuur (letterlik: die liggaam van die sonde van die vlees), ...Julle is saam met Hom begrawe in die doop (Grieks: suntafentes autó en tó baptismó) waarin julle ook met Hom is opgewek, deur die geloof ...”

Gedoop word met die Gees beteken: om geestelik besny te word. Maar dit beteken nie dat die metode vir die doop met water uitgebeeld moet word deur *die dopeling liggaamlik te besny nie*.

(5) *Romeine 6:3.

“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?” (Grieks: Hosoi ebaptisthémén eis Christon Iésoun, eis ton thanaton autou abaptisthémén).

Gedoop word met die Gees beteken: om met Christus gekruisig te word. Maar dit beteken nie dat die metode vir die doop met water uitgebeeld moet word deur *die dopeling te kruisig nie*.

(6) *Romeine 6:5.

“(Letterlik:) As ons met Hom één plant geword het, gelykgemaak is aan Hom in sy dood, dan sal ons ook aan Hom gelykgemaak word in sy opstanding” (Grieks: ei gar sumfotói gegonamen tó homoiómati tou thanatou autou, alla tés anastaseós esometha).

Gedoop word met die Gees beteken: om met Christus (soos ’n plant) saam gegroei te wees in wat lyk na sy dood. Maar dit beteken nie dat die metode vir die doop met water uitgebeeld moet word deur *die dopeling soos ’n plant te laat doodgaan nie*.

(7) *Romeine 6:4.

“Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe (Grieks: sunetafémén oun autó dia tou baptisματος eis ton thanatou), sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so ’n nuwe lewe kan lei.”

Gedoop word met die Gees beteken: om saam met Christus begrawe en opgewek te word. Maar ook in hierdie geval beteken dit nie dat die metode vir die doop met water uitgebeeld moet word deur *die dopeling onder ’n hoop grond te begrawe of in water onder te dompel nie*.

Gevolgtrekking: Die spesifieke metode vir die doop met water word nêrens in die Bybel geleer, beveel of voorgeskryf nie!

6. Die doop met water in die Bybel hou verband met die simboliese doop van God se volk in die Ou Testament.

(1) *1 Petrus 3:20-21.

Wat het daar gebeur? Die water van die sondvloed het die sondige wêreld van daardie tyd *vernietig*, maar het ook Noag en sy familie *gered*. Die water is dus tegelyk ’n *simbool van vernietiging* en ’n *simbool van verlossing* (vergelyk die dood en die opstanding van die gelowige)! Die water van die sondvloed het alle sonde van die wêreld met hulle skuld en korrupsie (Genesis 6:5-7) weg gewas, maar het terselfdertyd agt mense gered (Hebreërs 11:7). Die water van die vloed het nie aan hulle geraak nie, maar tog is hulle deur daardie selfde water gered. Hulle simboliese doop was nie deur onderdompeling in die water nie, maar deur bo-op die water van die vloed te dryf terwyl die reënwater uit die hemel op hulle uitgiet is (Genesis 7:11-12).

Wat beteken dit? Die sondvloed in die Ou Testament is ’n simbool (letterlik: ’n antitipe of teenbeeld) (vers 21) vir die doop in die Nuwe Testament. Die sondvloed was *die tipe of beeld* en die christelike doop was die *antitipe of teenbeeld* (dit wat die beeld verteenwoordig of die kontrasterende werklikheid van die beeld). Die doop met die Gees verenig gelowiges met die dood en die opstanding van Christus en red hulle van die vuil, die mag en die gevolge van die sonde. Die doop met water, wat die doop met die Gees simboliseer, simboliseer nie net die *vernietiging* van die ou natuur van die ongelowige en die *verlossing* van die nuwe natuur van die gelowige nie, maar is ’n ‘vraag’/versoek (’n gebed)(Grieks: eperótéma) van die gelowige aan God om ’n goeie gewete te verkry. Of dit is ‘’n belofte of gelofte (’n getuienis)’ van die gelowige aan God wat voortkom uit ’n goeie gewete.

(2) *1 Korintiërs 10:1-2.

Wat het daar gebeur? Die mense van God se Ou-Testamentiese volk was almal onder die wolk, maar die water uit die wolk het nie op hulle geval nie. Hulle almal het deur die Rooi See gegaan, maar die water het soos hoë mure aan beide kante bly staan sonder om op hulle neer te stort, terwyl hulle middel in die see op die droë grond deurgetrek het (Eksodus 14:22). Die water in die wolk en die water in die see het die Israëliete nie eers geraak nie. Dit het as’t ware bo en oor hulle gehang! Hulle simboliese doop was dus nie deur onderdompeling in die wolk of in die see nie, maar *met die water wat bo en óór hulle gehang het*. So is hulle in die wolk en in die see in Moses gedoop (vers 2).

Wat beteken dit? Hierdie simboliese doop met water, waarin die water bó en óór hulle heen gehang het, was ’n sigbare teken en seël dat die Israëliete *tot ’n essensiële verhouding met Moses gebring is*, waardeur hulle deelgenote geword het van die Mosaïse Wet en die Mosaïse Gemeente, wat tewens ‘die Gemeente’ (Grieks: ekklésia) genoem word (Rigters 20:2; Psalm 107:32). Vergelyk dit met ‘gedoop word in die Naam van die Drie-enige God’ in Matteus 28:19, waarby die Christene gebring word in ’n essensiële verhouding met God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees en met sy Nuwe-Testamentiese Gemeente, wat ook ‘die Gemeente’ (Grieks: ekklésia) genoem word (1 Korintiërs 12:13).

7. Die doop met water in die Bybel hou verband met die reinigingsrituele in die Ou Testament.

Die reinigingsrituele of wassing in die Ou Testament word 'dooprituele' of 'rituele wassing' (Grieks: baptis moi) genoem (Hebreeërs 6:2; Hebreeërs 9:10). Hierdie sigbare reinigingsrituele het die reiniging van dinge en van mense gesimboliseer en het vooruit gewys op die noodsaaklikheid van reiniging (van nie net die verontreiniging nie, maar ook die straf) van die sonde.

Die doop met water (Grieks: baptizó) deur Johannes die Doper en deur Jesus en sy dissipels was verbind aan hierdie reinigingsrituele (Grieks: kataris mos) in die Ou Testament (Johannes 3:22-26). Beide het 'die reiniging van sondes': die vergewing van sondes (Handelinge 2:38) of die afwassing van sondes (Handelinge 22:16) gesimboliseer.

(1) *Levitikus 4:1 – 5:13.

'n Onderdeel van die ritueel van die seremoniële wet in die Ou Testament was die sondeoffers wat gebring is om versoening van sondes te bewerkstellig. Die sonde is simbolies gereinig deur sewe keer die bloed van die sondeoffer voor die voorhangsel te sprinkel (Grieks: prosrano) en deur die bloed van die sondeoffer aan die horings van die wierookaltaar te smeer (Grieks: epitithémi) en deur die bloed van die sondeoffer aan die voet van die brandofferaltaar uit te giet (Grieks: ekcheó).

(2) *Levitikus 14:1-9.

In die Ou-Testamentiese seremoniële wet is 'n besmetlike siekte seremonieel gereinig deur *water wat met bloed vermeng is op die persoon te sprinkel* (Grieks: perirainó) en deur die liggaam te bad (Grieks: louomai) deur *water van bo af op en oor die liggaam uit te giet*. Die woorde 'in water te bad' (Grieks: louomai en hudati) in Levitikus 14:9 in die rituele wet van die Ou Testament het dieselfde konstruksie as die woorde 'doop met water' (Grieks: batizó en hudati) in Markus 1:8a. Die persoon staan in die water en die doper gooi water uit op en oor sy liggaam ten einde die onreinheid van die siekte of die sonde weg te spoel/ af te was (Grieks: apolouomai) (Handelinge 22:16).

(3) *Levitikus 15:11.

In die Ou-Testamentiese seremoniële wet is die rituele reiniging van 'n mens, wat deur 'n ritueel onrein mens aangeraak is, bewerkstellig deur sy "hande met water af te spoel" (Grieks: niptó hudati) of deur "sy hele liggaam met water te was/af te was/te bad (Grieks: louomai sóma hudati) deur *water van bo af op en oor sy hande of liggaam uit te gooi*. Vergelyk hierdie woorde met die woorde: "water *uitgiet op die hande*" (Grieks: ep-echeó epi) (2 Konings 3:11) en die woorde: "Hy wat klaar gebad het (liggaam afgewas het) (Grieks: louomai), hoef later niks meer as sy voete te was/af te spoel nie" (Grieks: podas niptó) (Johannes 13:10).

Die uiterlike rituele reiniging wat die wet van Moses vereis in Levitikus en Deuteronomium was "n skaduwee" (Hebreeërs 10:1) wat vooruit gewys het na die werklikheid van die innerlike geestelike reiniging van die hart waaroor die Psalms en die Profete skrywe.

(4) 2 Konings 5:10,14.

Die profeet Elisa het vir Naäman gesê dat hy hom sewe keer in die Jordaanrivier moes *bad, was (of wegwas)* (Hebreeus: rachats, Grieks: louomai). Dit was die opdrag. Maar dit lyk asof Naäman iets anders doen: hy het afgegaan in die rivier en *hom sewe keer ondergedompel* (Hebreeus: tibel, Grieks: baptizó) in die rivier. Dit was die beskrywing (vergeelyk Josua 3:15 waar hulle voete aan die rand van die water in die water gedompel was. Dit was 'n doopritueel of reinigingsritueel vir die reiniging van 'n vel(huid)-siekte. Dit was 'n liggaamlike reiniging.

Vergelyk dit met die doop van mense deur Johannes die Doper in die Jordaan wanneer hulle hul sondes bely het. Dit was 'n doop van bekering tot vergewing van sondes' (Markus 1:4,5,8). Hierdie doop met water was 'n simboliese geestelike reiniging wat mense op die eerste koms van die Messias voorberei het (Markus 1:1-3). Die Messias sou dit werklik uitvoer deur hulle geestelik te reining deur die doop met die Gees (Markus 1:8).

(5) *Psalm 51:3,4,9.

Die metode om sondes gedurende die Ou-Testamentiese periode te reinig (te ontsondig) was *deur met hisop te besprinkel en deur te was* (soos 'n mens klere was). Dawid het by God gepleit om sy oortredinge uit te delg (weg te vee, uit te wis)(Hebreeus: machah; Grieks: exaleifó)(vers 3), sy ongeregthede skoon te was (Hebreeus: kibbes; Grieks: plunó) en hom van sy sondes te reinig (Hebreeus: tihér; Grieks: katarizó)(vers 4). Hy het God gevra om hom te ontsondig (te reinig) (Hebreeus: chitte<) of te *besprinkel* (Grieks: rantizó) met hisop en (soos klere) te *was* (Hebreeus: kibbes; Grieks: plunó), sodat hy witter as sneeu sou word (vers 9). Vergelyk dit met die metode om dinge te reinig deur bloed op mense *te sprinkel* (Grieks: rantizó) (Hebreeërs 9:19-22). En vergelyk dit met die metode om 'n skoon/rein gewete te verkry deur die hart te *besprinkel* (Grieks: rantizó) en die liggaam *skoon te was* (Grieks: louomai) met rein water (Hebreeërs 10:22).

(6) *Esegiël 36:25-27.

Die metode om van sonde te reinig gedurende die Ou-Testamentiese periode was deur skoon water op 'n persoon te *sprinkel* (Hebreeus: zaraq; Grieks: ranó), deur hom 'n nuwe hart en 'n nuwe gees in sy binneste te gee, en deur die Heilige Gees in sy binneste te gee. Vergelyk dit met die betekenis van die doop met water in die Nuwe Testament (Handelinge 2:38-39 en Handelinge 10:43-45).

(7) *Markus 7:2-3 (Griekse teks).

Die metode om hande ritueel te reinig, was deur hulle af te spoel. Die Fariseërs het gesien dat die dissipels van Jesus met ritueel onrein of ongewaste hande eet. Jode eet nie, tensy hulle hul hande ritueel gewas het nie. Die rituele wassing (Grieks: niptó) van hande geskied deur die vuus van die een hand in die ander hand te draai (Grieks: pugmé nipsóntai tas cheiras) terwyl water van bo af op en oor die hande uitgegiet word (Grieks: epicheó epi) (*2 Konings 3:11).

(8) *Markus 7:4 (Griekse teks).

“En wanneer hulle van die dorp (letterlik: mark) af kom, eet hulle nie as hulle nie eers gewas (letterlik in Grieks: gedoop) (Grieks: baptizó) het nie.” Die rituele reiniging van hande is in die Nuwe Testament ‘n ‘doop’ (Grieks: baptizó) genoem! En die reinigingsrituele in die Ou Testament is ‘dooprituele’ (Grieks baptismoí) genoem. Nadat Jode van die mark af teruggekeer het, is die ritueel ‘doop’ (Grieks: baptizó) (van die hande) met water (Markus 7:4a) geassosieer met die dooprituele (Grieks: baptismoí) (Markus 7:4b) van koppies, bekere, bakke en stoele. Die metode van ritueel doop of afwas van hande word in Markus 7:3 en 2 Konings 3:11 gevind.

(9) *Lukas 11:38 (Griekse teks).

“Die Fariseër was verwonderd toe hy sien dat Jesus nie die gebruik nagekom het om voor die ete eers hande te was (letterlik in Grieks: gedoop) (Grieks: baptizó) nie.” Die rituele reiniging van hande is in die Nuwe Testament ‘doop’ (Grieks: baptizo) genoem! Die ANV vertaal: “hande was”, maar die oorspronklike Griekse teks sê: “hande doop”. Dus, terwyl Matteus 15:2 en Markus 7:2-3 die woord ‘afwas’ van hande (Grieks: niptó) gebruik, gebruik Lukas die woord ‘doop’ van hande (Grieks: baptizó). Die doop van hande vind plaas deur water van bo af op en oor die hande uit te giet (Markus 7:3 en 2 Konings 3:11)!

(10) *Lukas 11:39 (Griekse teks).

Die metode vir die rituele reiniging van voorwerpe met water raak alleen die buitekant en nie die binnekant van die voorwerpe nie. Die rituele reiniging (letterlik: doop) (Grieks: baptizó) van hande (Lukas 11:38) is geassosieer met die rituele reiniging (Grieks: katharizó) van die buitekant van bekere en borde. Net die buitekant van hierdie voorwerpe is deur die water aangeraak. Die doopritueel verwys dus nie na ’n onderdompeling van die hande (of die voorwerp) in water nie, maar net na die afwas of afspoel van die hande (of die voorwerp) deur water van bo-af op en oor die hande (voorwerp) uit te giet (vergelyk 2 Konings 3:11).

(11) Johannes 3:3,5,7.

Jesus het geleer dat ‘wedergeboorte van bo (of opnuut gebore) deur die Gees’ *’n goddelike moet (’n bevel) is!* Dit is verwysings na die doop met die Gees. “Niemand kan in die koninkryk van God inkom nie, as hy nie uit water en Gees gebore word nie” of “as hy nie opnuut gebore word nie”. Die sleutel is: nét Jesus Christus doop met die Gees, maar Christene moet met water doop (Markus 1:8; Johannes 1:33). Die saak wat gesimboliseer (geteken) word, naamlik die doop met die Gees of die reiniging deur die Gees, moet vergesel word deur die simbool (die teken), naamlik, die doop met water! Daarom het Jesus Christus ook geleer dat ‘doop met water in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees’ ook *’n goddelike moet (’n bevel) is:* dit is afhanklik van die hoofwoord: ‘julle moet dissipels maak’ (Matteus 28:19)! Johannes 3:5 is ’n verwysing na doop met water wat die sigbare teken is van die onsigbare doop met die Gees (wedergeboorte).

(12) *Johannes 3:22-26.

Die doop met water word verbind met die Joodse reinigingsrituele of dooprituele. Die dissipels van Jesus (Johannes 4:1-2) en Johannes die Doper het met water gedoop. Daar het ’n geskil ontstaan tussen die dissipels van Johannes die Doper en dié van Jesus oor die Joodse reinigingsrituele. Die ritueel was die proseliete-doop genoem. As ’n nie-Jood begeer het om aan te sluit by die Jodedom (Judaïsme), het hy ’n bad geneem (deur met ’n beker water oor hom uit te giet), sy liggaam laat besny en het hy beloof dat hy die Joodse wet sal hou (vergelyk Hebreërs 6:2). Die argument was waarskynlik dat die dissipels van Johannes die Doper groter betekenis m.b.t. reiniging toegeken het aan die doop van hulle leraar, Johannes die Doper, as aan die proselietedoop van die Jode en die christelike doop van Jesus. Daarom kon hulle nie begryp waarom mense na Jesus toe gegaan het om gedoop te word nie. Die doop met water (Grieks: baptizó) (Johannes 3:23,26) van Johannes die Doper en van Jesus is hier verbind aan die Joodse reinigingsrituele (Grieks: katharismos) (Johannes 3:25).

(13) *Johannes 13:5,9-10.

Die metode van die rituele reiniging van voete was deur die voete af te was of af te spoel. In die Ooste was die gebruik dat iemand ’n bad neem *deur water op en oor sy liggaam uit te giet* (Grieks: louomai) voordat hy uitgegaan het om te gaan eet. Na die aankoms moes die stof van die strate nog van sy voete afgewas of afgespoel word (Grieks: niptomai). In Johannes 10 het die voete van die dissipels oor die voetenend van die banke gehang waarop hulle op hulle sy gelê het. Jesus het hulle voete gewas *deur water van bo-af op en oor hulle voete heen uit te giet* (Johannes 13:5). Die woorde van Jesus het geestelike betekenis: ’n mens word net maar éénmaal weergebore. Daarna het hy net die herhaalde reiniging van sondes of heiliging nodig (1 Johannes 1:9). Ná sy bekering en wedergeboorte moet ’n nuwe gelowige daaglik wegdraai van die sondes. Na die eenmalige doop met die Gees, gesimboliseer deur ’n eenmalige doop met water, hoef ’n gelowige net maar weer sy sondes te bely en vergewing te ontvang (1 Johannes 1:9).

(14) Handeling 22:16.

Die rituele reinigingsrites in die Ou Testament met die betekenis van die afwassing van sondes word in die Nuwe Testament 'n verwysing na die christelike doop met water. “En nou, waarom nog wag? Kom, (Grieks: Staan op!)(sic!) laat jou eens en vir altyd doop (Grieks: baptizó)(imperatief, aoristus, medium) en (of dit wil sê:) laat jou sondes eens en vir altyd afwas (Grieks: apolouomai) (imperatief, aoristus, medium), na aanroeping (deelwoord, voltooid teenwoordige tyd, medium) van die Naam van die Here” (Handeling 22:16). Dit is 'n verwysing na Paulus se doop met water (nadat hy in die huis van Judas in die regte straat in Damascus met die Gees gedoop en vervul is en weer kon sien) (Handeling 9:17-18).

(15) Hebreërs 10:19-22 (Griekse teks).

“Laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig (besprinkel) (Grieks: rantizó) (voltooid teenwoordige tyd, passief) van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas (Grieks: luó) (voltooid teenwoordige tyd, passief) met skoon water. (Hebreërs 10:22).

Die reinigingsrituele in die Ou Testament verwys na die doop met die Heilige Gees en die doop met water in die Nuwe Testament. In die Nuwe Testament is Jesus Christus ons Hoëpriester wat deur sy dood aan die kruis (met sy bloed) gelowiges reinig en heilig (Hebreërs 9:14). Die *besprinkeling* (Grieks: rantizó) van ons hart reinig ons van 'n skuldige/slegte gewete (Hebreërs 10:22a) en is 'n verwysing na ons innerlike geestelike reiniging, na die afwassing van ons sondes (die regverdiging) en na ons doop met die Gees (wedergeboorte) (vergelyk Esegel 36:25-27; Handeling 2:3-4a). Die *was* (Grieks: louomai) van ons liggaam (deur water van bo-af op en oor ons liggaam heen uit te giet) (reinig ons van die vuil voordat ons tot God nader in die Allerheiligste)(Levitikus 16:4) is 'n verwysing na ons doop met water. Die doop met water is die sigbare teken en seël van die onsigbare doop met die Gees.

Gevolgtrekking. Die rituele doop van mense gebeur deur hulle met water te besprinkel of deur water van bo-af op en oor hulle hande, voete of liggaam uit te giet (Hebreërs: jatsaq al; Grieks: ekcheó epi)(vergelyk 2 Konings 3:11). Die rituele doop van voorwerpe geskied ook deur hulle met water te besprinkel of deur water op en oor hulle uit te giet waardeur alleen die buitekant en nie die binnekant ritueel gereinig word nie. In die Nuwe Testament is dit belangrik dat ook die binnekant van die mense gereinig word (Lukas 11:38-39).

8. Die doop met water in die Nuwe Testament deur water van bo-af op en oor die dopeling uit te giet.

Christus se instelling van die doop met water (Matteus 28:19) is die sigbare teken en seël van die doop met die Heilige Gees (Handeling 10:44-47; Handeling 11:15-17).

En die doop met die Gees word in die Bybel net op één manier uitgebeeld:

- Die Gees word van bo-af op en oor die mense uitgegiet (Grieks: ekcheó) (Joël 2:28; *Handeling 2:17,33; Handeling 10:45)
- Die Gees het van bo-af gekom en op die mense geval (Grieks: epiptó) (Handeling 8:16; 10:44; *Handeling 11:15-16)
- Die gawe wat bestaan uit die Heilige Gees Self, word van bo, van God af ontvang (Grieks: lambanomai) (Handeling 2:38-39; 5:32; 8:15-17; 11:17; 15:8; 19:2; *Galasiërs 3:2)

Gevolgtrekking. Omdat die doop met water die sigbare teken en seël van die onsigbare doop met die Gees is, word die doop met water die beste uitgedruk (simbolies geïllustreer) deur water van bo-af op en oor die nuwe gelowige uit te giet. Dit was duidelik ook die wyse waarop die apostel Paulus in die Nuwe Testament met water gedoop is (Handeling 22:16)!

9. Die doop met water in 'n rivier of in 'n huis.

(1) Johannes die Doper het die mense met water in die Jordaanrivier gedoop.

Johannes die Doper het mense in (die plek: in, by, digby) die woestyn gedoop. Daar het hy mense gedoop in (die plek: in, by, digby) die Jordaanrivier met water (die middel waarmee hy doop) (*Markus 1:4-5,8). In beide gevalle verwys die woord 'in' nie na 'n onderdompeling in die sand van die woestyn of die water in die rivier nie, maar na die plek waar die doop plaasgevind het.

Die Bybel gee geen gedetailleerde beskrywing van die metode of wyse van doop met water nie. Mense wat aan die kant van die rivier gestaan het, het in die water gestap sodat minstens hulle voete onder die water bedek was. Terwyl hulle in die water gestaan het, het Johannes hulle met water gedoop deur water van bo-af op en oor hulle heen uit te giet.

Ook Jesus is in die Jordaanrivier met water gedoop. Na sy doop het 'Hy uit die water' gekom (*Markus 1:9-10). Dit is 'n aanduiding van die plek waar Jesus gedoop is, nie van die wyse waarop Hy gedoop is, nie. Hy het nie van onder die oppervlakte van die water op gekom nie, maar het weer uit die water van die rivier op die kant geloop. Hy is nie gedoop deur onderdompeling in water nie, net soos Hy ook nie ondergedompel is in die Gees nie, omdat die Gees sigbaar soos 'n duif van bo-af op Hom neergedraal het (Markus 1:10).

(2) Die evangelis Filippus het die amptenaar uit Etiopië *met* water gedoop op 'n plek waar 'n bietjie water was.

Die Griekse grondteks verwys na 'n plek waar daar 'n bietjie *water* was (Grieks: epi ti hudór)(vers 36). Net soos hierbo, het beide die evangelis en die amptenaar van die kant af tot *in* die water gedaal en daar het Filippus die amptenaar *met* water gedoop. Ook hierdie doop was nie 'n doop deur onderdompeling in die water nie, omdat Filippus dan saam met die amptenaar onder die oppervlakte van die water moes daal, hom daar moes doop en vervolgens saam met hom weer van onder die oppervlakte van die water op moes kom! Die woorde in die teks kan onmoontlik op hierdie wyse uitgelê word! Hulle gaan nie onder die water in nie, maar het in die water gestaan toe Filippus die amptenaar met water gedoop het. Hoe hy gedoop het (d.m.v. besprinkeling of uitgieting) word nie vermeld nie. Na die doop het hulle beide *uit* die water op die kant gestap (*Handelinge 8:38-39).

(3) Die apostels het drie duisend mense met water gedoop in Jerusalem.

In één dag is ongeveer drie duisend nuwe gelowiges *met* water in Jerusalem gedoop (*Handelinge 2:41)! Maar was daar wel genoeg water in Jerusalem om almal deur onderdompeling te doop? Miskien was dit wel moontlik in die poel van Betesda of die Siloambad. Nietemin is daar geen enkele aanduiding dat die apostels afgewyk het van die standaard praktyk om mense in die Ou Testament te reinig deur hulle *met water te besprinkel of water van bo-af op en oor hulle uit te giet nie!*

(4) Die dissipel Ananias het Paulus *met* water *in* 'n huis gedoop.

Die doop van die apostel Paulus het *in 'n huis* plaasgevind. Paulus is seker nie deur onderdompeling in water erens in 'n huis gedoop nie, want hy moes *staan* en ook die Here *aanroep* toe hy gedoop is. Die water is op hom gesprinkel of op en oor hom uitgiet. Die doop met water het beteken dat al sy sondes afgewas is (Grieks: apolouomai), d.w.s. dat hy heeltal geregverdig is in die oë van God (*Handelinge 9:10-11,17-18; 22:16).

(5) Die christelike doop uitgebeeld in tekeninge op mure in die katakombes van Rome (argeologiese bewyse).

Hierdie tekeninge (ongeveer 100-200 n.C.) toon twee manne wat met hulle voete in die water staan terwyl die een water op en oor die ander man uitgiet.

10. Gevolgtrekkings m.b.t. die metode van die doop met water.

In die Ou Testament het God die afwassing van sondes uitgebeeld deur 'n persoon wat water op 'n ander sprinkel of water op en oor hom uitgiet. Daarom mag Christene vandag ook die simboliese afwassing van sondes uitbeeld deur water op en oor 'n ander te sprinkel of uit te giet.

In die Nuwe Testament het Christus nuwe gelowiges in Hom gedoop *met* die Gees *deur die Heilige Gees van bo-af op en oor hulle uit te stort* (Grieks: ekcheó) *of deur die Heilige Gees van bo-af op hulle te laat val, of deur aan hulle die gawe, bestaande uit die Heilige Gees, vanuit die hemel bo hulle te gee.* Hulle is dan “uit God gebore” (Grieks: ek theou)(Johannes 1:13; “van bo of opnuut gebore” (Grieks: anóthen)(Johannes 3:3,7) of “uit die Gees gebore” (Grieks: ek pneumatós)(Johannes 3:5,8). Johannes die Doper en Ananias en waarskynlik ook die ander Christene in die Nuwe Testament het die christelike doop met die Gees simbolies uitgebeeld deur water van bo af op en oor die nuwe gelowige uit te giet!

Christene behoort die betekenis van die christelike doop aan nuwe gelowiges in Christus uit te lê. Maar omdat 'n besondere metode of wyse van doop met water nie in die Bybel geleer, voorgeskryf, beveel of verbied word nie, is Christene vry om 'n metode vir die doop met water te kies wat die doop met die Gees en die afwassing van sondes goed uitbeeld.

Die betekenis van die christelike doop met water word duidelik in die Bybel geleer en is daarom belangrik. Maar 'n spesifieke metode of wyse van doop met water word nie geleer, voorgeskryf, beveel of verbied nie en is daarom nie essensieel nie!

- Sommige nuwe Christene kies daarvoor om gedoop te word deur die besprinkeling van water van bo-af op en oor hulle (vergelyk Esegieël 36:25; Hebreërs 9:13,21; 10:22a)(vergelyk Handelinge 2:3).
- Ander Christene kies om gedoop te word deur die uitgieting van water op en oor hulle (vergelyk Markus 1:4-8; Handelinge 22:16; Hebreërs 10:22b)(vergelyk Handelinge 2:17,33).
- Hoewel die klassieke Griekse woord ‘doop’ (Grieks: baptizó) ook ‘'n duik neem in’ of ‘hom doop of dompel in’ kan beteken in die rituele reiniging van melaatsheid (in 2 Konings 5:14), kan die metode of wyse van doop van 'n nuwe gelowige deur onderdompeling NIE hieruit afgelei word nie, omdat die woord ‘baptizó’ in Nuwe-Testamentiese Grieks altyd in 'n rituele of figuurlike sin gebruik word². Doop van 'n nuwe gelowige deur onderdompeling word nie in die Bybel geleer, voorgeskryf of beveel nie. Dit word selfs nie in die Bybel uitgebeeld nie!

Maar omdat die metode van onderdompeling ook nie in die Bybel verbode word nie, mag Christene kies om gedoop te word deur onderdompeling. Sommige Christene kies om gedoop te word deur onderdompeling in water omdat dit 'n mooi beeld is van die sterwe van die ou natuur en die opstanding van die nuwe natuur. Terwyl “onderdompeling” die nadruk lê op wat daar met die dopeling gebeur (die dopeling sterf en staan weer op met Christus), lê “uitgiet” en

² A Greek-English Lexicon of the New Testament and other early Christian Literature, Bauer, Arndt and Gingrich, 1957, page 131.

“val op” die nadruk op wat die Heilige Gees doen (Hy kom van bo van God, oorweldig die dopeling en vul die dopeling)! Nietemin, leer Romeine 6 nie die metode of wyse van die christelike doop met water nie, maar wel die betekenis van die christelike doop met die Gees! Die denkbeeld van doop deur onderdompeling word nie in Romeine 6 bespreek nie.

‘n Moontlikheid is om ‘n nuwe gelowige goed te onderrig in die betekenis van die doop met die Gees en die doop met water en hom dan te laat kies vir die praktiese vorm van die doop met water wat hom die meeste aanspreek.


Christene behoort nie en mag nie met mekaar twis oor die christelike doop nie, maar moet hulle beywer om die eenheid van die Gees te bewaar (Efesiërs 4:3-6).

F. TEKENINGE OOR DIE CHRISTELIKE DOOP IN DIE VROEË CHRISTENDOM

Ou katakombes en rûnes waar vroeëre Christene gebly het, bevat kuns. Onder andere tekeninge van Johannes die Doper wat Jesus Christus met water doop. Hy doen dit deur met ’n skulp water op en oor Jesus uit te giet. Die skulp het ’n simbool vir die christelike doop geword. As die doop in ’n rivier plaasvind, dan staan die dopeling altyd in die water terwyl water m.b.v. ’n beker of skulp op sy hoof uitgegiet word.

Die afbeeldings op teël mosaïeke in ou kerke, tekeninge in katakombes, ontwerpe op huishoudelike artikels soos bekers en lepels, graverings op marmerstene is altyd doop d.m.v. die uitgiet van water op die kop van die dopeling. Ook die doopvonte uit die vroeë tyd getuig van doop d.m.v. die uitgiet van water op die dopeling.





G. WIE MAG DOOP MET WATER

Christene mag niks uitdink bó/buite wat daar geskryf staan (in die Bybel nie) (*1 Korintiërs 4:6)!

1. Bybelse profesie (Markus 1:8).

Johannes die Doper het geprofeteer dat Jesus Christus mense met die Gees sou doop (vergeelyk Handeling 11:16). Die grond vir doop met die Gees is nooit iets wat in die mens sêlf is nie, maar is altyd God se soewereine en onverdiende genade. Om gedoop te wees met die Gees beteken dat God deur sy Gees die inisiatief geneem het om 'n mens te red. Dit beteken dat hierdie persoon werklik gered (behou) is.

Daarom doop 'n nuwe gelowige ook nooit homself met water nie, maar word hy deur 'n ander Christen met water gedoop! Die doop met water deur 'n ander Christen beteken dat die doop met die Gees 'n soewereine daad van God se genade is!

2. Bybelse geskiedenis (*Johannes 3:22,26; Johannes 4:1-2).

Johannes die Doper het mense met water in die Jordaanrivier gedoop. Jesus het mense êrens in die platteland van Judea gedoop deur gebruik te maak van sy dissipels. Jesus Sêlf het geen mense met water gedoop nie.

Die Bybel vertel nie wie die drie duisend nuwe Christene op die eerste dag van die Christelike Kerk/Gemeente gedoop het nie. Die Bybel vertel ook nie waar dit gebeur het nie en ook nie die wyse waarop dit gebeur het nie (Handelinge 2:38-41). As die metode van doop met water regtig belangrik was, sou Lukas nie nagelaat het om dit op te teken nie! Toe die aantal dissipels ongeveer vyfduisend was, word die doop met water nie langer genoem nie (Handelinge 4:4), selfs al moes dit wel plaasgevind het (Matteus 28:19)! Ook toe die getal dissipels sterk toegeneem het en 'n groot menigte priesters aan die geloof gehoorsaam geword het (Handelinge 6:7), word die doop met water nie genoem nie.

Toe die evangelis (en voorheen diaken) Filippus die evangelie aan die Samaritane verkondig het, word daar ook nie gesê wie hulle gedoop het of waar en hoe hulle met water gedoop is nie (Handelinge 8:12-13). Later het Filippus die Etiopiër *met* water gedoop op 'n plek waar daar 'n bietjie water was (Grieks: ti hudór) (Handelinge 8:36-39).

Ananias was 'n gewone dissipel in Damaskus. Hy het waarskynlik Paulus met water gedoop in die huis van Judas (Handelinge 9:10-11; Handelinge 22:12-16). Die doop met water van Paulus word nie eens in Handelinge 26:19-23 genoem nie!

Toe die nie-Jood (heiden) Cornelius en sy familieleden en vriende die evangelie gehoor het, is hulle in sy huis met die Gees gedoop. Die apostel Petrus het toe beveel dat hulle ook in die Naam van Christus met water gedoop moet word. Maar ook *hier* word nie genoem *wáár* of *hóé* of wie hulle gedoop het nie (Handelinge 10:47-48).

Ons weet dat die sakevrou Lidia en die lede van haar huishouding met water gedoop is. Maar ons weet nie *wáár* of *hóé* of wie hulle gedoop het nie (Handelinge 16:13-15).

Die bewaarder van die gevangenis in Filippi is saam met die lede van sy huisgesin met water gedoop nadat hulle tot geloof gekom het. Dit word ook nie gesê *wáár* of *hóé* of wie hulle gedoop het nie. Hulle is waarskynlik buite hulle huis gedoop (Handelinge 16:31-34).

Toe Paulus die gemeente in Korinte gestig het, het hy net twee manne en die huisgesin van Stefanus met water gedoop. Christus het Paulus nie gestuur het om met water te doop nie, maar om die evangelie te verkondig (*1 Korintiërs 1:13-17).

Toe die mense wat in die huis van Titius Justus saam gekom het, gelowig geword het, is hulle met water gedoop. Ook hier word nie aangeteken *wáár* of *hóé* of wie hulle gedoop het nie (Handelinge 18:7-8).

'n Jood uit Aleksandrië, Apollos, was net bekend met *die doop met water van Johannes die Doper*. Priscilla en Akwila het die evangelie nog duideliker aan hom uitgelê en hy is waarskynlik met die Gees gedoop toe hy hierdie onderrig ontvang het. Nietemin is nie van hom geëis dat hy hom weer moes laat doop met water nie (d.w.s. met die christelike doop met water)(Handelinge 18:24-26).

Die apostel Paulus het ongeveer twaalf dissipels van Johannes die Doper ontmoet wat net bekend was met die doop met water van Johannes die Doper. Dit was 'n doop van bekering tot vergewing van sondes (Markus 1:4; Handelinge 19:4). Hulle het nie geweet van die bestaan van die Heilige Gees nie en kon nie weergebore (gedoop met die Gees) gewees het nie. Nadat Paulus hulle onderrig het in die evangelie en oor die Heilige Gees, is hulle met die Gees gedoop (hulle is weer gebore). Hulle is 'n tweede keer met water gedoop, maar hierdie keer in die naam van Jesus Christus. Ook hier weet ons nie wie hulle gedoop het, *wáár* of *hóé* nie (Handelinge 19:1-7).

3. Bybelse bevel (*Matteus 28:19).

Jesus het sy eie dissipels beveel om te gaan en dissipels onder alle volke te maak en hulle te doop met water in die naam van die Drie-enige God en hulle te leer om alles wat Hy beveel het te gehoorsaam. Hulle het gehoorsaam. Op hulle beurt moes hulle gaan en dissipels maak onder alle volke, hulle doop met water en hulle leer om alles wat Jesus beveel het te gehoorsaam. Dus, alle dissipels van Jesus Christus is beveel om nuwe dissipels met water te doop. Daar is geen Bybelse gronde om die bediening van die christelike doop tot die kerklike ampte te beperk nie. In die kerklike tradisie mag net geordende biskoppe en pastore ander met water doop!

Gedurende die eerste eeu n.C. was daar nog geen gevestigde leerstelling in die Vroeë Christelike Kerk oor die christelike doop met water nie. Mense is met water gedoop in die Naam van Jesus Christus en dit het beteken dat hulle gedoop is met die Gees (d.w.s. dat hulle die Heilige Gees ontvang het) en dat hulle sondes vergewe is.

4. Mag vroue doop?

In Matteus 28:19 het Jesus Christus aan almal wat dissipels van Jesus Christus is deur sy apostels die groot opdrag gegee om te gaan, dissipels in alle volke te maak, hulle te doop in die Naam van die Drie-enige God en hulle te leer om alles wat Jesus Christus geleer het te gehoorsaam.

Maar op grond van die volgende feite het sommige gemeentes gekies om hulle vroue nie toe te laat om andere met water te doop nie:

- Daar is geen enkele historiese geval in die Bybel waarin 'n vrou 'n ander persoon met water doop nie.
- Die doop met water word beskou as één van die openbare of amptelike byeenkomste van die Kerk/Gemeente. En die Bybel leer dat vroue geen leidende rol mag speel in enige openbare of amptelike byeenkoms van die Kerk/Gemeente nie (1 Korintiërs 14:33-28; 1 Timoteus 2:11-15; 2 Timoteus 3:2,4-5).
- Die doop met water is vir die meeste Christene 'n sensitiewe onderwerp. Die praktyk van die Christelike doop sou geen aanstoot mag gee aan swakker broers of susters nie (Romeine 14:1 to 15:7).

Die Bybel gee nie meer onderrig, bevel of verbodings met betrekking tot wie met water mag doop nie.

H. DIE DOOP VAN KINDERS IN DIE KERKGESKIEDENIS

Lees wat Jesus Christus in Markus 7:1-13 oor godsdienstige tradisies (d.i. kerklike en teologiese oorleweringe) gesê het.

1. Die kerklike tradisie gedurende die tweede eeu n.C.

Gedurende die tweede eeu n.C. is onder invloed van die misteriegodsdienste uit die Ooste, 'n besondere betekenis toegeskryf aan die doop met water. Mense het begin glo dat daar 'n *magiese* verband bestaan tussen die bediening van die doop met water, die water self en die woorde wat by die doop uitgespreek word.

Maar die Bybel leer dat die doop met water, soos die liggaamlike besnydenis (in die Ou Testament) 'n *teken* en 'n *seël* is van die regverdiging deur die geloof (Romeine 4:11; Kolossense 2:11-12).

2. Die kerklike tradisie gedurende die derde eeu n.C.

Gedurende die derde eeu n.C. het die Christelike doop met water 'n uiterlike godsdienstige ritueel met 'n magiese karakter geword en het dit ook 'n vaste vorm gekry. Vóór sy doop met water moes die doopkandidaat die duivel en die (sondige) wêreld afsweer (Latyn: *abrenunciatio*) en moes hy 'n belydenis van geloof gee (Latyn: *redditio symboli*). Dan is hy drie keer deur onderdompeling in vloeiende water (van 'n rivier) gedoop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. Dit het die vuil van sy sondes weggevee en het vir hom vergewing van sondes gebring. Ná sy doop met water het hy simbolies die Heilige Geest of die vernuwing d.m.v. handoplegging ontvang. Vanaf die tyd van biskop Cyprianus van Karthago (245-258 n.C.) is die handoplegging die eksklusiewe reg van die biskoppe alleen. Dié eksklusiewe reg het die biskop tot die geestelike vader van alle nuwe gelowiges gemaak en alle Christene in die wêreld het onder die mag van die biskoppe te staan gekom.

Maar die Bybel leer dat niemand behalwe God Self die geestelike Vader van alle gelowiges is nie (Matteus 23:9; Johannes 1:12-13; Efesiërs 3:14).

Gedurende die rituele doop met water het allerlei simboliese handeling plaasgevind: die duivel is uitgeban; daar is op die gesig van die dopeling geblaas; die teken van die kruis is gemaak; en die dopeling is 'n nuwe naam gegee. Die nuwe gelowige het melk vermeng met heuning gekry om te drink as voedsel vir sy nuwe lewe; hy het nuwe wit klere gekry om te dra; hy is die gemeente binnegelei en die gemeente het vir hom gebid; hy het die broederlike kus ontvang; en ten slotte het hy sy eerste 'heilige kommunie' ontvang (die Rooms Katolieke siening van die Nagmaal). Vergelyk hierdie handeling met die Joodse proselietedoop.

Maar die Bybel is baie sterk gekant teen toevoegings tot die leerstellings in die Bybel, omdat God se Woord maklik deur hierdie menslike oorleweringe kragteloos gemaak word (Openbaring 22:18-19; Markus 7:1-13).

3. Die kinderdoop.

(1) Die besnydenis van kinders en die doop met water in die Bybel.

In die Ou-Testamentiese openbaring het God Abraham beveel om alle manlike lede van agt dae oud te besny as die sigbare teken van God se verbond met sy volk (Genesis 17:7-14). In die Nuwe-Testamentiese openbaring word die gawe van die Heilige Gees belowe aan alle kinders van gelowiges (vergelyk Handeling 2:38-39) en verlossing belowe aan die huishoudings (Grieks: *oikos*) van die gelowiges (vergelyk Handeling 11:14; Handeling 16:31). Ook het die apostels van Jesus Christus hele huishoudings (ingeslote gesinne en bediendes)(Grieks: *oikos*) van nuwe gelowiges met water gedoop (Handeling 16:15; Handeling 16:31-34; Handeling 18:7-8; 1 Korintiërs 1:16; sien 16:15).

Maar tog kan dit nie bewys of ontken word dat daar suigeling of klein kinders in hierdie huishoudings was nie. En indien daar kinders was, dan kan ook nie bewys of ontken word of hierdie kinders oud genoeg was om die evangelie te begryp toe dit verkondig was nie (vergelyk Jeremia 1:5; 2 Timoteus 3:15).

(2) Die kinderdoop in die Kerkgeskiedenis.

Die kerkgeskiedenis na die Nuwe-Testamentiese periode vertel van die bestaan van die kinderdoop. **Justinus de Martelaar** (100-165 n.C.) was 'n dissipel van die apostels en hy was bekend met die praktyk van die kinderdoop (Apologia I, 15). Die kinderdoop is oor die algemeen beoefen gedurende die periode van die kerkvaders Irenaeus van Lyon (170-200 n.C.) en Tertullianus van Karthago (190-216 n.C.). **Tertullianus** was bekend met die kinderdoop, maar het teen hierdie praktyk geveg, omdat hy die doop met water beskou het as die verwydering van alle sondes wat voorheen gepleeg is. Daarom is die doop met water so lank moontlik uitgestel! **Origenes** (185-254 n.C.) skryf dat die Kerk onmondige kinders gedoop het gedurende die tyd van die apostels, maar die bron van sy bewering kan nie

bevestig word nie. **Ambrosius**, biskop van Milaan (374-397 n.C.) het sy doop met water uitgestel tot kort voordat hy biskop geword het, omdat hy bang was dat hy die genade wat God in die doop gee, sou verloor.

By die doop met water in die Vroeë Kerk was daar getuies aanwesig. Hulle moes getuies wees van die goeie gedrag van die doopkandidaat (en dus was hy nie 'n minderjarige kind nie). Later kon hulle ook getuig dat hy inderdaad met water gedoop was.

Die Vroeë Kerk het nie geleer dat God se genadeverbond die grond vir die kinderdoop was nie. In plaas daarvan het die kinderdoop die weg geword waarlangs kinders die genade van God ontvang het! Kinders is beskou as skuldig en onrein en het geen reg gehad om met water gedoop te word nie. Kinders het nog geen persoonlike geloof gehad nie en kon dus ook geen belydenis van geloof aflê nie. Daarom het die geloof van die ouers, die geloof van die getuies (wat later 'peetpa' en 'peetma' genoem is) en die geloof van die Kerk die plek ingeneem van die geloof van die kind. Die kerk, verteenwoordig deur die getuies, het die kind gebring om met water gedoop te word, het in die plek van die kind geglo en het die belydenis in die plek van die kind gedoen. Hierdie getuies het beloop om die kind later in die christelike geloof op te voed.

Maar hierdie praktyk kan nie uit die Bybel afgelei word nie.

(3) De kinderdoop en Augustinus (354-430 n.C.).

Ook hy het sy doop met water uitgestel. Hy het groot invloed gehad op die ontwikkeling van die leer van die doop met water. Hy het die volgende geleer: Net soos die Kerk het hy aanvanklik geglo dat die sondes wat iemand gedurende sy lewe gepleeg het vóór sy doop met water vergewe was. Maar later het hy die doop met water in verband gebring met die erfsonde en nie met die werklike sondes wat gedoen is nie. Die (kinder)doop met water het die sondeskuld weggeneem, maar die erflike smet of bederf van die sonde (die sondige begeertes) sou net geleidelik verminder en uiteindelik by die dood stop.

Augustinus het geglo dat die doop met water 'n onuitwisbare aard besit:

- Die persoon wat deur die Kerk met water gedoop is, *behoort regtens aan die Kerk*
- *Die Kerk het die reg om geweld te gebruik om die afgedwaalde gedoopte persoon in die Kerk terug te forseer!*
- Die doop met water buite die (Rooms Katolieke) Kerk het geen verlossende uitwerking nie.
- Die doop met water deur die Kerk was die objektiewe vereiste vir verlossing, terwyl die geloof net maar die subjektiewe vereiste vir verlossing was.
- Die persoonlike geloof mag 'n werklikheid word vóór, maar ook ná die doop met water.
- Die kinderdoop het alleen effek wanneer die gedoopte persoon later tot bekering kom en persoonlik gaan glo! Wanneer dit gebeur, hoef die persoon nie 'n tweede keer met water gedoop te word nie. (Tot hiertoe die onderrig van Augustinus.)

Maar die Bybel leer dat 'n mens deur die Gees tot die een Liggaam van Christus gedoop word, en nie tot die Rooms Katolieke Kerk of enig ander kerkgenootskap nie (1 Korintiërs 12:12-13). Daarom behoort Christene net aan Jesus Christus en nooit aan enige kerkgenootskap nie (Efesiërs 1:13-14)! Die Kerk en haar leiers word verbied om te heers oor die lede wat aan hulle toevertrou is (1 Petrus 5:3)! Die Bybel leer nie dat die doop met water 'n vereiste vir verlossing is nie (Markus 16:16).

(4) Die kinderdoop vanaf die Konsilie van Mainz (813 n.C.).

Daar is besluit dat die ouers nie langer hulle kinders na die Kerk mag bring om met water gedoop te word nie, omdat ouers verantwoordelik was dat hulle kinders in sonde verwek en gebore word! Net die getuies (die peetpa en peetma) mag kinders na die Kerk toe bring om met water gedoop te word. Die geestelike onderrig van kinders deur die Kerk d.m.v. die peetouers is sodoende heeltemal geskei van die gewone onderrig deur die ouers.

Maar die Bybel beveel alle ouers om God se woorde in hulle hart te hê, God se woorde in die gedagtes van hulle kinders in te graveer, te alle tye oor God se woorde te praat in hulle huise en te sorg dat God se woorde hulle lewens en hulle huishouding bepaal (Deuteronomium 6:4-8). Die Bybel beveel alle vaders om hulle kinders op te voed in die onderrig en vermaning van die Here (Efesiërs 6:4). En die Bybel spoor die kinders aan om te volhard in wat hulle van die Bybel, hulle ouers en hulle leraars van kleins af geleer het en waarvan hulle oortuig geword het (2 Timoteus 1:5; 3:14-17).

(5) De kinderdoop tydens die skolastiek van die Middeleeuwe (6^{de} tot 16^{de} eeuw).

Tydens die onderrig van die universiteite van die Middeleeue (van Gregorius die Grote, 590 n.C. tot die Reformasie, 1517 n.C.) is die sekulêre filosofie van Aristoteles gekombineer met die teologie van die Rooms Katolieke Kerk. Persoonlike geloof en bekering as 'n subjektiewe vereiste vir verlossing is op die agtergrond geskuif en die noodsaaklikheid van die doopritueel as objektiewe vereiste vir verlossing is beskou as voldoende vir verlossing. Die Rooms Katolieke Kerk leer dat die (kinder)doop met water die bonatuurlike genade van God in die kind sou ingiet en daarmee aan hom die volgende sou skenk: geregtigheid en wedergeboorte, vergewing van alle sondes wat voor sy doop begaan is, opheffing van alle tydelike en ewige straf, alle bonatuurlike deugde soos geloof, hoop, liefde en heiligheid. Die (kinder)doop met water is die deur waardeur iemand in die Rooms Katolieke Kerk binnekom en daarmee ook die ewige lewe verkry. Vir die Rooms Katolieke Kerk is die (kinder)doop met water die absolute essensiële vereiste vir

verlossing. Thomas Aquinas (1227-1274) het geleer dat wat 'n kind ookal tekortkom, hy deur die geloof van die Rooms Katolieke Kerk sou ontvang.

Maar die Bybel leer dat nie die Kerk nie, maar net Jesus Christus die Middelaar van die verlossing en gewer van alle ander genadegawes is (Johannes 14:6; Handeling 4:12; Efesiërs 1:3)!

(6) De kinderdoop vanaf de Reformatie (16^{de} eeuw).

Die Kerk van die Reformasie (16-17^{de} eeuw) het die leer van die ingieting van genade deur die bediening van 'n uiterlike doopritueel van die Rooms Katolieke Kerk verwerp. Hulle het geleer dat God sy genade skenk op grond van sy eie soewereine wil en nié op grond van menslike werke of godsdienstige rituele nie (Efesiërs 2:8-9; Titus 3:4-8).

Die Kerk van die Reformasie het ook die leer verwerp dat God se genade weer verlore sou kon gaan (en dus dat 'n Christen weer verlore sou kon gaan). God verseker mense wat Hy deur genade en geloof geregverdig het, dat hulle ook verheerlik sal word (Romeine 3:24; Romeine 8:28-30; Filippense 1:6).

Die Kerk van die Reformasie het die feit verwerp dat die leer van die doop met water heeltemal losgemaak is van die Bybel! Christene mag nie gaan bo/buiten wat daar (in die Bybel) geskryf staan nie (Johannes 17:17; 1 Korintiërs 4:6; 2 Timoteus 3:16-17)!

I. WANNEER MOET DAAR MET WATER GEDOOP WORD

Die Bybel praat oor mense wie met water gedoop is nadat hulle die evangelie gehoor het en in Jesus Christus begin glo het (Handeling 2:37-39). Maar die Bybel vertel ook dat hele huisgesinne of huishoudings (insluitend die bediendes) wat die evangelie gehoor en geglo het, met water gedoop is (Handeling 16:14-15, 30-34; 1 Korintiërs 1:16). Sommige Christene glo dat daar onmondige kinders in hierdie huishoudings moes gewees het en dat hulle dus ook met water gedoop is voordat hulle 'n persoonlike geloof gehad het.

1. Die tydstip vir die doop met water is afhanklik van hoe Christene die woord 'bekering' verstaan.

Sommige Christene stel bepaalde vereistes aan nuwe gelowiges alvorens hulle met water gedoop mag word. Hulle glo dat die woord 'bekering' 'n sigbare verandering van lewe beteken. Nét wanneer die nuwe gelowige sy lewe verander het op hierdie voorafgestelde punte, mag hy met water gedoop word. As sy lewe nie op hierdie punte verander nie, mag hy nie met water gedoop word nie.

Ander Christene wys daarop dat nuwe gelowiges in die Bybelse geskiedenis met water gedoop is onmiddellik nadat hulle met die Gees gedoop is (Handeling 10:47-48) of dadelik toe hulle hul bekeer het en geglo het (Handeling 2:38). Hulle doop met water was die sigbare teken en seël van wat Jesus Christus vir hulle gedoen het en nie van wat hulle vir Jesus Christus gedoen het nie! Jesus Christus het hulle met sy Gees gedoop (d.w.s. dat hulle wedergebore is). Hy het daarvoor gesorg dat hulle die waarheid van die evangelie hoor en begryp, sodat hulle denke en oortuigings verander het. Die woord 'bekering' (Grieks: metanoia) in die oorspronklike Grieks beteken: 'jou denke verander' m.b.t. wie God in Jesus Christus is en m.b.t. wat Hy vir jou gedoen het! Dus wanneer 'n persoon bely dat hy in Jesus Christus glo, mag hy met water gedoop word.

In die Bybelse geskiedenis volg bekering en geloof onmiddellik op die hoor van die evangelie (Romeine 10:17; Handeling 2:37-38). Jesus het die evangelie van die Koninkryk van God verkondig en gesê: "Die tyd is vervul en die Koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle (d.w.s. verander julle denke) en glo die evangelie" (Markus 1:15). Die dissipels het hulle denke oor Jesus Christus verander en het begin om Hom te volg (Markus 1:18) selfs al moes hulle nog baie leer oor wat daar in die Evangelie van Markus geskryf staan en selfs al moes daar nog baie in hulle oortuigings en gedrag verander het.

Petrus het die evangelie in Handeling 2 verkondig en die mense was diep in die hart geraak. Die sigbare feit dat God aan die werk was in hulle hart, was dat hulle aan die apostels gevra het: "Wat moet ons doen?" Petrus het gesê: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang" (Handeling 2:38). Die sigbare bewys dat ongeveer drie duisend mense hulle denke oor Jesus Christus verander het, was dat hulle die evangelie aanvaar het en hulle laat doop het met water (Handeling 2:37-41). Die apostels het geen bepaalde vereistes vooraf gestel nie. Dus, die sigbare bewys van berou en bekering is die aanneem van die evangelie-boodskap, d.w.s. met jou hart in Jesus Christus glo en met jou mond bely dat Hy jou Here is (Lukas 23:40-43; Johannes 1:12; Romeine 10:9-10)!

Nadat iemand in Jesus Christus geglo het en met water gedoop is, bly hy hom bekeer, d.w.s. hy bly sy denke oor die waarhede in die Bybel verander (deur die prediking, onderrig in Bybelstudie en dissipelskap opleiding). En hy begin om vrugte, in ooreenstemming met die bekering, voort te bring (Lukas 3:8).

In die Bybel word die doop met water nooit geassosieer met lid word van 'n spesifieke kerkgenootskap nie! Die enigste vereiste vir lidmaatskap in die wêreldwye Liggaam van Christus (die Kerk/Gemeente) is die doop met die Gees (d.i. die wedergeboorte)(1 Korintiërs 12:12-13). En lidmaatskap in die Liggaam van Christus sluit deelname aan die aktiwiteite en bedieninge van die Liggaam in (1 Korintiërs 12:1-31)! Die doop met water is vir die gelowige die sigbare teken en seël van sy onsigbare doop met die Gees.

Gehoorzaamheid aan die opdrag van Jesus Christus om met water gedoop te word (Matteus 28:19) moet geleer word, maar nie geforseer word of tot 'n voorwaarde vir deelname aan die aktiwiteite en bediening van die Kerk/Gemeente gemaak word nie. Dink aan die lande waar die doop met water van bekeerlinge hulle doodsvonnis kan beteken! Dit is beter dat gemeentes nie die geregistreerde lidmaatskap van 'n bepaalde kerkgenootskap verbind aan die doop met water nie, omdat dit verwarring skep tussen die doop met die Gees en die doop met water. Gelowiges wat opreg wedergebore lede van die Liggaam van Christus is, mag nie uitgesluit word van lidmaatskap van 'n gemeente nie, wat per slot van sake slegs 'n menslike organisasie is!

2. Die tydstip vir die doop met water is afhanklik van hoe 'n gemeente God se omgang met mense beskou.

Christene wat die klem lê op God se omgang met sy verbondsvolk of die Christelike Gemeente neig daartoe om onmondige kinders met water te doop. En Christene wat die klem lê op God se omgang met individuele gelowiges neig daartoe om net (volwasse) gelowiges met water te doop.

(1) God gaan met elke mens om as deel van 'n gemeenskap.

God beskou elke mens as 'n deel van 'n gesin (Eksodus 20:5-6; Handeling 2:39; 16:31; 1 Korintiërs 7:13-14), 'n deel van 'n sekulêre volk (Jeremia 18:6-10) en 'n deel van die hele menslike ras (Handeling 17:26; Romeine 5:12,18a).

God beskou elke individuele gelowige:

- as 'n lid van 'n geestelike familie/gesin (indien van toepassing)
- as 'n lid van die plaaslike gemeente (Efesiërs 2:19; 1 Korintiërs 12:12-13)
- as 'n lid van God se verbondsvolk (die wêreldwye Kerk) (2 Korintiërs 6:16; 1 Petrus 2:9-10)
- as 'n lid van God se Koninkryk op die aarde (Markus 10:13-16).

Elke gelowige is met één Gees gedoop tot die één Liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:12-13). Die doop met water is daarom onlosmaaklik verbonde aan die feit dat 'n gelowige behoort tot die wêreldwye Christelike Kerk/Gemeente!

(2) God gaan ook met elke mens om as 'n individu.

Elke mens, hetsy gelowig of ongelowig, sal geoordeel word volgens sy werke (Esegiël 33:12-16; Prediker 12:14; Romeine 2:6).

Elke gelowige sal gered word deur sy eie geloof en elke ongelowige sal veroordeel word vir sy eie ongeloof (Johannes 3:16-18,36; 9:35-39).

Elke gelowige behoort met water gedoop te word as 'n sigbare teken dat sy sondes vergewe en afgewas is (Handeling 22:16). Die doop met water is dus ook onlosmaaklik verbonde aan die feit dat 'n individu geregverdig word op grond van sy persoonlike geloof!

3. Die tydstip vir die doop met water is afhanklik van hoe 'n gemeente God se verbond beskou.

God het sy verbond as volg geformuleer: “Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees” (Genesis 17:7; Eksodus 6:7; Levitikus 26:12; 1 Petrus 2:9-10; Openbaring 21:3,7). Christene wat die klem plaas op God se verbond in die Ou Testament neig daartoe om onmondige kinders met water te doop. Christene wat die klem plaas op God se verbond in die Nuwe Testament neig daartoe om mense met water te doop as hulle tot persoonlike geloof kom.

(1) God se verbond van die wet in die Ou Testament

was 'n skaduwee van die werklikheid wat sou kom en was dus tydelik.

God se verbond van genade is met Abraham opgerig: God het beloop om die God van Abraham en sy nageslag te wees; en hulle sou sy volk wees (Genesis 17:7). Die verbond van genade is ewig en word dus in die Nuwe Testament voortgesit, *maar wel op 'n hoër vlak* (Hebreërs 8:6-13).

God se verbond van die wet is baie jare daarna³ eers met Moses opgerig: dit het die verbond van genade met Abraham bevestig (Eksodus 6:2-8), maar het God se wet daaraan toegevoeg (Galasiërs 3:15-19). God se verbond van genade is 'n ewige verbond (Genesis 17:7), maar God se verbond van die wet was 'n tydelike verbond (Galasiërs 3:23-25), wat met die eerste koms van Jesus Christus in vervulling gegaan het (Hebreërs 8:6-13).

Die verbond van die wet het die volgende kenmerke: die morele en seremoniële wette is sigbaar op twee kliptafels geskryf en in 'n boek opgeteken. Mense ken God alleen deur te hoor wat in die prediking van die profete deurkom. Hulle het weinig ervaar van die vergewing van sondes, omdat hulle voortgegaan het met die rituele offers van diere om versoening vir hulle sondes te bewerk (Hebreërs 10:1-4). En hulle het die besnydenis van hulle liggaam ondergaan, nie langer as 'n sigbare teken van het verbond van genade nie (Genesis 17:10-11), maar as 'n sigbare teken van hulle gehoorzaamheid aan die wet (Johannes 7:22; Galasiërs 5:3-4).

³ God se verbond met Abraham (ongeveer 645 jaar vanaf Genesis 12:1-4 en ongeveer 620 jaar vanaf Genesis 17:1-7. Genesis 12:4 (0), Genesis 21:5 (100-75=25), Genesis 25:26 (+60), Genesis 47:9 (+130) = 215 jaar in Kanaän + 430 jaar in Egipte (Exodus 12:40) = 645 jaar in totaal. Galasiërs 3:17 verwys na Eksodus 12:40).

Maar hierdie bepalings in die seremoniële wet (ingeslote die liggaamlike besnydenis) was *net tydelik*, tot met die eerste koms van Jesus Christus, toe hierdie skaduwee vervang is met die werklikhede (Kolossense 2:17; Hebreërs 7:12,18-19; 8:6,13; 9:8-10; 10:1-4)!

(2) God se verbond in die Nuwe Testament het die wet van die Ou Testament vervul en daarmee is die wet opgehef en afgeskaf!

By sy eerste koms het Jesus Christus die Wet en die Profete (d.i. die Ou-Testamentiese openbaring) *vervul* (Matteus 5:17) en daarmee die geboorte en bepalings van die seremoniële wet *opgehef en afgeskaf* (Efesiërs 2:14-15; Kolossense 2:14; Hebreërs 8:13) en is *verander* in werklikhede (Hebreërs 8:13). Ook die bepaling m.b.t. die liggaamlike besnydenis van kinders en van volwassenes is opgehef en afgeskaf (vergelyk Galasiërs 5:1-6; 6:12-16) en verander in geestelike besnydenis van die hart (Romeine 2:28-29; Kolossense 2:11)!

God se verbond in die Nuwe Testament verskil van sy verbond in die Ou Testament op die volgende punte: die bepalings van God se morele wet word nou innerlik in die hart van gelowiges geskryf en nie net maar uiterlik in 'n boek nie. Die gelowiges ken God nou nie maar net van hoorsê deur die verkondiging van die profete nie, maar persoonlik en vertroulik. Die gelowiges ervaar die egte vergewing van hulle sondes en voer nie meer uiterlike versoeningsrituele uit nie (Hebreërs 8:6-13; 9:8-10; 10:1-4). En die gelowiges is nou geestelik besny (wedergebore) deur die werk van die Heilige Gees (Romeine 2:28-29; Kolossense 2:11).

Dus die seremoniële wet met betrekking tot die liggaamlike besnydenis van onmondige kinders is vervul, opgehef, afgeskaf en verander in die geestelike besnydenis van die hart (wedergeboorte) van gelowiges!

4. Die tydstop vir die doop met water is afhanklik van hoe 'n gemeente die verband tussen die besnydenis en die doop beskou.

Christene wat die klem lê op die liggaamlike besnydenis van onmondige kinders in die Ou Testament is geneig om onmondige kinders met water te doop. Christene wat die klem lê op die geestelike besnydenis in die Nuwe Testament is geneig om mense met water te doop wanneer hulle tot geloof gekom het.

Kolossense 2:11-13 sê: “11 Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. 12 Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. 13 Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het.” Die woorde ‘besnydenis’ en ‘doop’ verwys beide na die doop met die Heilige Gees.

Die vraag is: Wanneer word 'n mens deur Christus besny?

(1) Die liggaamlike besnydenis was 'n teken van die Ou-Testamentiese verbond.

In die Ou Testament bring God 'n ewige verbond met Abraham tot stand: God sou die God van Abraham en sy nageslag wees (Genesis 17:7) en hulle sou die volk van God wees (Levitikus 26:12). Abraham het die liggaamlike besnydenis ontvang as 'n teken en seël van die geregtigheid wat gekom het deur die geloof toe hy nog onbesnede was (Romeine 4:11-12).

Maar God gaan nie eksklusief met Abraham as individu om nie. God gaan met die hele familie of huishouding van Abraham om! Elke manlike lid moes liggaamlik besny word (Genesis 17). Dus, gedurende die Ou-Testamentiese verbond, was die liggaamlike besnydenis 'n teken en seël van die verbond. Abraham se persoonlike geloof in God en sy verbondsbelofte (Genesis 15:5-6) was die rede dat God sy hele familie of huishouding, insluitend die onmondige kinders, in sy verbondsvolk insluit (vergelyk 1 Korintiërs 7:14)!

(2) God se verbond in die Ou Testament en in die Nuwe Testament.

God se verbond in die Ou Testament beteken dat God hulle God is en dat hulle God se volk is (Levitikus 26:12). Die verbond bly dieselfde in die Nuwe Testament (2 Korintiërs 6:16; 1 Petrus 2:9-10).

En tóg is daar belangrike verskille tussen die ou verbond en die nuwe verbond (Jeremia 31:31-34; Hebreërs 8:6-13).

- In die ou verbond is *die wet wat daaraan toegevoeg* is (Galasiërs 3:17-19) uiterlik in 'n boek geskryf. In die nuwe verbond word die wet innerlik in die hart van gelowiges geskryf (Jeremia 31:33).
- In die ou verbond het die kennis van God gekom deur hoorsê van die prediking van die profete (vergelyk Jesaja 1:3). In die nuwe verbond is die kennis van God persoonlik en vertroulik (Jeremia 31:34a).
- In die ou verbond kon 'n gelowige nooit heeltemal 'n skoon gewete verkry deur rituele offers te bring nie (Hebreërs 9:8-10, 10:1-4). In die nuwe verbond ervaar Christene werklik die vergewing van hulle sondes (Jeremia 31:34b; Hebreërs 9:14).
- In die ou verbond was die besnydenis 'n uiterlike en liggaamlike gebeurtenis. In die nuwe verbond is die besnydenis 'n innerlike en geestelike gebeurtenis (Kolossense 2:11-13). In die ou verbond was die liggaamlike besnydenis van

net die manlike geslag 'n rituele handeling wat vooruit gewys het na die noodsaaklikheid van 'n geestelike besnydenis (die wedergeboorte) van manne sowel as vroue (vergelyk Romeine 2:28-29).

- In die ou verbond is die waarheid net uitgebeeld as 'n skaduwee van die toekomstige waarheid (Kolossense 2:17). In die nuwe verbond het die waarheid werklikheid geword. Die ou verbond verkondig die noodsaaklikheid van wedergeboorte en regverdiging. Die nuwe verbond het hierdie wedergeboorte en regverdiging gebring! Die nuwe verbond het mense werklik bevry van hulle sondes (Hebreërs 9:15). Die nuwe verbond sluit die wedergeboorte (die doop met die Gees)(Esegiël 36:25-28), die volmaakte regverdiging (die volkome vergewing) en die heiliging (reiniging en afwassing van alle vuil) in! Die nuwe verbond (Hebreërs 12:24) is 'n beter verbond (Hebreërs 7:22: 8:6), omdat dit wat die ou verbond simbolies voorstel tot 'n werklikheid gemaak het.

(3) Die besnydenis en die doop in die Nuwe Testament.

In die Nuwe Testament is daar 'n verbinding gemaak tussen die besnydenis en die doop. Kolossense 2:11-13 leer dat die heilige en getroue broers in Christus (Kolossense 1:2) in Christus besny is (Kolossense 2:11) toe hulle met Christus begrawe is in die doop met die Gees (Kolossense 2:12a) (Let wel: nie in die doop met water nie). Dit leer ook dat hulle met Christus opgewek is deur die geloof in die krag van God (Kolossense 2:12b).

Maar die besnydenis in die Nuwe Testament is nie meer liggaamlik nie. Dit is geestelik!

Enersyds beteken die geestelike besnydenis van gelowiges dat hulle hul onwedergebore natuur (hulle sondige geaardheid/natuur of letterlik: hulle vlees) afgelê het (Kolossense 2:11). Dit beteken dat hulle onwedergebore natuur gesterf het en begrawe is met Christus toe hulle met die Gees gedoop is (Kolossense 2:12a; vergelyk Romeine 6:2).

Andersyds beteken die geestelike besnydenis van gelowiges dat hulle wedergebore geaardheid/natuur met Christus opgewek is toe hulle in Jesus Christus begin glo het (Kolossense 2:12b). Hulle hart is 'deur die Gees besny' (Romeine 2:28-29), d.w.s., hulle is deur die Gees wedergebore (vergelyk Johannes 3:3-8).

Beide aspekte (iets sterf en iets staan uit die dood op) word in verband gebring met die doop met die Gees en met die geloof in die krag van God en word sigbaar uitgebeeld in die doop met water (Kolossense 2:12a).

- (4) Sommige Christene neem as hulle uitgangspunt die liggaamlike besnydenis van onmondige kinders in die Ou-Testamentiese verbond. Hulle sterwe met Christus (by hulle kinderdoop) en hulle opwekking met Christus (by die belydenis van hulle geloof) word deur baie jare van mekaar geskei. Hulle doop met water is dan die sigbare teken en seël van hulle onsigbare doop met die Gees wat in die toekoms nog sou moet plaasvind.

Abraham het eers geglo, is regverdig verklaar (d.w.s. hy is verlos) omdat hy geglo het, en het eers daarna die teken en seël van die Ou-Testamentiese verbond ontvang: die liggaamlike besnydenis (Romeine 4:6-11). Maar hulle kinders (die tweede generasie van God se volk) is eers liggaamlik besny (op die agtste dag) (Genesis 17:7-14) en het eers later tot geloof gekom (Hebreërs 11:20-21) of glad nie tot geloof gekom nie (Hebreërs 3:19).

Christene wat die klem lê op die feit dat onmondige kinders in die Ou-Testamentiese verbond liggaamlik besny is, maak die gevolgtrekking dat ook die onmondige kinders in die Nuwe-Testamentiese verbond met water gedoop behoort te word. Hulle glo dat Kolossense 2:11 praat oor 'n geestelike besnydenis wat plaasvind op die oomblik dat die onmondige kinders met water gedoop word te *same met die geloof van die ouers en van die geloof van die Gemeente/Kerk*. Dan sterf die onwedergebore natuur van die onmondige kind en word hy met Christus begrawe. Die sigbare doop van die onmondige kind met water is dan die teken en seël van minstens die onsigbare dood van sy onwedergebore natuur. Die gevolg is dat hierdie Christene glo dat die gedoopte kinders van gelowiges beskou moet word as wedergebore (Kolossense 2:12a).

Hulle glo dat jare later, wanneer hierdie kinders tieners of jong volwassenes geword het en persoonlik in Jesus Christus begin glo, hulle met Christus opgewek word tot 'n nuwe lewe (Kolossense 2:12b). Hierdie Christene laat dus 'n lang periode toe tussen die tyd dat die kind met Christus sterf en begrawe word (tydens sy kinderdoop) (Kolossense 2:12a) en die tyd dat hierdie tiener of jong volwasse persoon met Christus opgewek word (tydens die belydenis van sy persoonlike geloof in Jesus Christus) (Kolossenzen 2:12b). Hierdie Christene beskou dit so dat hulle sterwe met Christus deur baie jare geskei is van hulle opstanding met Christus.

Hulle is ook oortuig dat geloof absoluut noodsaaklik is tydens die kinderdoop met water, maar dit mag wel die geloof van die ouers, die peetouers of die Kerk wees. Later as die gedoopte kind persoonlik tot geloof kom en as tiener of jong volwasse belydenis van hulle geloof aflê, dan neem hy/sy persoonlik verantwoordelikheid vir sy/haar doop met water as onmondig kind.

Die bedoeling met die liggaamlike besnydenis in die Ou Testament was om die teken te wees van die geestelike besnydenis van die hart (die wedergeboorte) (vergelyk Levitikus 26:41; Deuteronomium 10:16; Jeremia 4:4; 30:6; Romeine 2:28-29; Filippense 3:2-3), selfs al volg die geestelike werklikheid van die besnydenis eers baie later in die lewe van die persoon wat besny is. Dus liggaamlike besnydenis was net 'n teken ('n skaduwee) van die geestelike besnydenis of wedergeboorte (die werklikheid) wat later in die lewe van die besnede persoon moes volg. Net so moet die doop met water van onmondige kinders beskou word as 'n teken ('n skaduwee) van die doop met die Gees (die werklikheid) wat later in die lewe van die gedoopte persoon moes volg.

Dit beteken dat liggaamlike besnydenis in die Ou Testament nie noodwendig wedergeboorte veronderstel nie!

Hierdie Christene praat oor die verband tussen wedergeboorte deur die Heilige Gees en geloof van 'n persoon as 'n groot en onbegryplike misterie (Johannes 3:3-8). Die tydstip van wedergeboorte kan al in 'n onmondige kind plaasvind (Jeremia 1:5), maar kan ook eers later in die lewe plaasvind. Daarom beweer hierdie Christene dat die kinderdoop met water in die Nuwe Testament in die plek van die besnydenis van kinders in die Ou Testament gekom het.

Hoewel die kinders van gelowiges miskien nog nie persoonlik in Jesus Christus glo nie, behoort hulle nietemin aan God se Nuwe-Testamentiese verbondsvolk of die Christelike Gemeente/Kerk. Die kinders van slegs één gelowige ouer is al 'heilig', d.w.s., is al afgesonder vir God (1 Korintiërs 7:14). Daarom dring hierdie Christene daarop aan dat die onmondige kinders van gelowiges met water gedoop moet word as die teken van die Nuwe-Testamentiese verbond.

Hierdie Christene lê klem op die feit dat nie alleen hulle vermeende wedergeboorte tydens die kinderdoop, maar ook hul latere persoonlike geloof in Jesus Christus 'n onverdiende geskenk/gawe van God is (vergelyk Handeling 13:48; 16:14; 18:27; Efesiërs 2:8-9; Filippense 1:29; 2:12-13; 2 Petrus 1:1; 2 Timoteus 3:15; 2 Petrus 1:1).

- (5) Ander Christene neem as hulle uitgangspunt die geestelike besnydenis van gelowiges in die Nuwe-Testamentiese verbond. Hulle sterwe met Christus en hulle opstanding met Christus is gelyktydig, d.w.s. wanneer hulle met die Gees gedoop word of in Jesus Christus begin glo. Hulle doop met water is dan die sigbare teken en seël van hulle onsigbare doop met die Gees wat alreeds plaasgevind het.

Die geestelike besnydenis in die Nuwe Testament beteken duidelik geestelike wedergeboorte. Christene wat die klem lê op die feit dat gelowiges in die Nuwe Testament geestelik besny word wanneer hulle persoonlik in Jesus Christus begin glo, kom tot die gevolgtrekking dat mense net met water gedoop moet word wanneer hulle persoonlik in Jesus Christus begin glo.

Hierdie mense was dood in hulle sondes en in die onbesnedenheid van hulle menslike bestaan (vergelyk Multivertaling Kolossense 2:13). Maar toe hulle in Jesus Christus begin glo, is al hulle sondes vergewe (Kolossense 2:13) en is hulle werklik bevry van alle bose magte (Kolossense 2:15)! Nietemin kan hierdie besef en die beleving van hierdie waarheid 'n lang tyd duur voordat dit gebeur.

Hierdie Christene glo ook dat Kolossense 2:11 praat oor 'n geestelike besnydenis wat plaasvind die oomblik dat hulle met die Gees gedoop word *te same met hulle persoonlike geloof*. Dan sterf hulle onwedergebore natuur en word hulle met Christus begrawe. *Die doop met water is dan die sigbare teken en seël van die onsigbare doop met die Gees wat al daarvoor plaasgevind het.* Hierdie Christene glo dat nét mense wat persoonlik in Jesus Christus glo, as wedergebore Christene beskou moet word (Kolossense 2:12a).

Hulle leer dat mense met Christus sterwe, begrawe word en opstaan *op die oomblik dat hulle gedoop word met die Gees* (wedergebore word), d.w.s. wanneer hulle persoonlik begin glo. Die sigbare teken van hierdie gebeurtenis is die doop met water. Hierdie Christene glo dat die aflê van die onwedergebore natuur (die sondige natuur, letterlik: die vlees) (in samehang met die dood en begrafnis van Christus wanneer hulle met die Gees gedoop word)(Kolossense 2:12a) tegelyk plaasvind met die ontvangs van 'n nuwe wedergebore natuur (in samehang met die opstanding van Christus toe hulle tot geloof in Jesus Christus gekom het) (Kolossense 2:12b). Hierdie Christene beskou hulle sterwe met Christus nie as deur baie jare geskei van hulle opstanding met Christus nie, maar as 'n gelyktydige gebeurtenis, d.w.s. wanneer hulle tot persoonlike geloof in Jesus Christus kom.

Hulle is ook oortuig dat geloof absoluut noodsaaklik is by die doop met water, maar dan moet dit hulle eie persoonlike geloof wees. Nadat hulle 'n openbare belydenis van hulle geloof afgelê het, word hulle met water gedoop.

Daar is 'n duidelike verskil tussen die liggaamlike besnydenis van die Ou-Testamentiese verbond en die geestelike besnydenis van die Nuwe-Testamentiese verbond. Die besnydenis van mense gedurende die Nuwe-Testamentiese periode was sekerlik nie 'n liggaamlike besnydenis van onmondige kinders nie, maar 'n geestelike besnydenis van die hart deur die Heilige Gees wanneer hulle tot geloof in Jesus Christus gekom het (Romeine 2:28-29)! Dit bestaan uit die aflê of wegsnyding van die ou onwedergebore natuur (letterlik: die vlees) (Kolossense 2:11; Romeine 6:6-7) en die ontvangs van die nuwe wedergebore natuur saam met die inwonende Heilige Gees (Romeine 2:28-29).

Dit beteken dat die geestelike besnydenis in die Nuwe Testament altyd wedergeboorte veronderstel!

Hierdie Christene lê die klem op die nou verband tussen wedergeboorte (die doop met die Gees) en geloof. Hoewel wedergeboorte deur die Heilige Gees (die tyd en die wyse waarop dit gebeur altyd 'n onverstaanbare misterie vir Christene bly (Johannes 3:3-8), word wedergeboorte (die doop met die Gees) in die Bybel gewoonlik nou verbind met die tyd dat 'n mens tot persoonlike geloof in Jesus Christus kom (Johannes 1:12-13; 7:37-39; Handeling 11:14-18; 15:7-11; Efesiërs 1:13-14; 2 Tessalonisense 2:13-14; Titus 1:1; 3:3-7). Daarom beweer hierdie Christene dat die doop met water in die Nuwe Testament nie in die plek van die liggaamlike besnydenis in die Ou Testament gekom het nie.

Omdat onmondige kinders nog nie persoonlik in Jesus Christus glo nie en dus nog geen aanduiding gee dat hulle wedergebore (of gedoop met die Gees) is nie, behoort hulle nog nie met water gedoop te word nie. Daarom dring

hierdie Christene daarop aan dat mense eers met water gedoop moet word wanneer hulle persoonlik in Jesus Christus glo en daarmee bewys dat hulle wedergebore en geregtig is. Ook hierdie Christene glo dat geloof (Efesiërs 2:8-9) en wedergeboorte (Johannes 1:12-13) onverdiende genadegawes van God is.

5. Die tydstip vir die doop met water van die eerste generasie gelowiges is gebaseer op die missionêre konteks in die Nuwe Testament.

Die eerste generasie gelowiges is met water gedoop in die missionêre konteks van die Nuwe-Testamentiese periode. *Al hierdie nuwe gelowiges het uit 'n nie-christelike agtergrond gekom*, ongeag of hulle Jode of nie-Jode was nie.

Alle Christene in die wêreld stem met mekaar saam dat die eerste generasie gelowiges in Jesus Christus net met water gedoop moet word wanneer hulle tot geloof in Jesus Christus kom.

(1) Die doop van individue.

Die evangelie is verkondig aan individue (Jode, Samaritane en Grieke/heidene). Toe hulle begin glo het is hulle met water gedoop (Johannes 4:1; Handeling 2:37-39; 41; 8:36-38; 10:34-36,42-48).

(2) Die doop van hele families.

Die evangelie is ook verkondig aan hele huishoudings en elkeen wat daarvan deel was. Toe hulle begin glo het, is hulle ook met water gedoop (Handeling 16:14-15,30-34; 18:7-8; 1 Korintiërs 1:16). Maar dit kan nie bewys of ontken word dat daar suigeling of onmondige kinders in hierdie families was nie, en indien wel, dat hulle met water gedoop is.

6. Die tydstip vir die doop van die tweede generasie gelowiges is gebaseer op hoe 'n gemeente die essensie van die Christelike Kerk/Gemeente in die Bybel beskou.

Ná die begin van die Nuwe-Testamentiese periode, is die tweede generasie gelowiges met water gedoop in 'n groeiende Christelike Kerk/Gemeente. *Al hierdie nuwe gelowiges het uit 'n christelike agtergrond gekom*. Hulle is gebore toen hulle ouers alreeds Christene was.

Christene in die wêreld stem nie met mekaar saam oor wanneer hierdie tweede generasie gelowiges met water gedoop sou moes word nie.

Om gedoop te word met die Gees het twee aspekte:

- **dit beteken om te behoort tot God se verbondsvolk of die Liggaam van Christus (die gemeenskaplike aspek) (1 Korintiërs 12:13)**
- **en dit beteken om weergebore of geregtig (vergewe) te wees (die individuele aspek)(Handeling 2:38)**

Omdat die doop met die Gees beide betekenisse het, het verskillende Christene in die wêreldsgeskiedenis verskillende praktiese maniere gevind om uitdrukking te gee aan beide die gemeenskaplike en individuele aspekte van die doop met die Gees en aan die sigbare teken daarvan: die doop met water.

(1) Sommige Christene verkies 'n streng gemeenskaplike benadering.

Vir hierdie Christene is die Kerk/Gemeente bo álles die Liggaam van Christus ('n organisme) (1 Korintiërs 12:12-27) en die Gemeenskap van God se Nuwe-Testamentiese verbondsvolk (1 Petrus 2:9).

In die eerste plek behoort 'n mens aan die Liggaam van Christus en slegs in die tweede plek is hy één van die baie individuele lede van die Liggaam wat tot 'n ersoonlike geloof in Christus gekom het! Die Liggaam is meer as net maar een oog of een hand. So is die Kerk/Gemeente ook meer as maar net een individuele gelowige. Om gedoop te wees met water is daarom veral 'n teken en seël dat 'n persoon behoort aan die Liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:13) en aan God se verbondsvolk (Galasiërs 3:27-29), d.w.s., aan die wêreldwye Kerk.

*Hierdie Christene beweer die voorbeeld van God se Ou-Testamentiese verbondsvolk of Kerk (Grieks: *ekklesia*)(Rigters 20:2; 2 Kronieke 29:28; Psalm 107:32) om onmondige kinders in God se verbondsvolk in te sluit ook deur God se Nuwe-Testamentiese verbondsvolk of Kerk (Grieks: *ekklesia*)(Matteus 16:18) gevolg moet word.*

Hierdie Christene is verdeel oor die vraag of hierdie gedoopte onmondige kinders beskou moet word as gered (behoue, geregtig, wedergebore) en of so 'n aanspraak wel of nie moontlik is nie. Meeste van hierdie Christene beskou hierdie gedoopte kinders as behorende tot die Kerk, tensy die teendeel uiteindelik blyk waar te wees (vergelyk 1 Samuel 1:11,22; 2:26; 2 Samuel 12:22-23; Lukas 2:41-52; 2 Timoteus 3:14-15).

Die Bybel beskou die kinders van 'n gelowige ouer as 'heilig' d.w.s., as afgesonder vir en toegewy aan God (1 Korintiërs 7:14). Die Kerk in Korinte word aangespreek as 'die geheiligdes in Christus' (AOV 1 Korintiërs 1:2; vergelyk 6:11). Maar dit beteken nog nie dat die Bybel hierdie kinders of die ongelowige ouer beskou as 'wedergebore' of 'moreel skoon' nie. Die Bybel beskou hulle eerder as 'ritueel rein', d.w.s., deur die gemeente afgesonder van die sondige wêreld en haar slegte invloed. Hierdie kinders is toegewy aan die wêreld van gelowiges en staan onder die invloed van die gelowige ouer en ander gelowiges in die gemeente. Die kinders en die gelowige ouer word uiterlik gereken as behorende tot die gemeente en leef in die invloedssfeer van die gemeente.

Maar hierdie Christene glo ook in die belangrikheid van die individu. Daarom het hulle 'n nuwe praktyk of kerklike seremonie toegevoeg wat nie in die Bybel geleer of voorgeskryf word nie: hulle gedoopte kinders moet later as tieners

of jong volwassenes 'n persoonlike belydenis van hulle geloof in die openbaar aflê (Romeine 10:9-10) as 'n sigbaar teken dat hulle wedergebore en geregverdig is.

(2) Ander Christene verkies 'n streng individuele benadering.

Vir hierdie Christene is die Kerk/Gemeente in die eerste plek 'n georganiseerde gemeenskap ('n organisasie) van individuele gelowiges.

Eerstens kom 'n persoon as 'n individu tot 'n persoonlike geloof in Jesus Christus en eers in die tweede plek sluit hy by die Gemeenskap van die gelowiges, die Gemeente/Kerk aan (Handelinge 2:41-42). In die missionêre konteks in die Nuwe Testament (Handelinge) word kinders van gelowiges alleen in Handelinge 2:39 genoem. Eers later word die gelowige kinders genoem (Efesiërs 6:1-3; Kolossense 3:20-21; 1 Timoteüs 4:12; 2 Timoteüs 3:14-15). Die Nuwe Testament leer wel dat die doop met water veral die teken en seël is dat 'n gelowige wedergebore en geregverdig is (Handelinge 9:17-18; Handeling 22:16; Titus 3:4-8).

Maar ook hierdie Christene glo in die belangrikheid van die Christelike Gemeenskap (die Kerk). Daarom voeg ook hulle 'n nuwe praktyk of kerklike seremonie toe wat nie in die Bybel geleer of voorgeskrywe word nie: hulle onmondige kinders word 'opgedra aan Christus' (vergelyk 1 Samuel 1:11,28) of beter: 'geseën' deur Christus (Markus 10:13-16) as 'n sigbare teken dat ook hulle behoort aan die Liggaam van Christus (die Kerk/Gemeente) of God se verbondsvolk (1 Korintiërs 7:14).

Dit word nie veronderstel dat hierdie onmondige kinders gered (behou, wedergebore) is nie. Maar beide die Ou Testament (2 Samuel 12:23) en die Nuwe Testament (Markus 10:10-13; 1 Korintiërs 7:14) beskou hulle as behorend tot God en sy verbondsvolk.

Samevatting.

Die gemeenskaplike benadering tot die doop	Die individuele benadering tot die doop
<ul style="list-style-type: none"> • <u>Die kinderdoop.</u> Die onmondige kind word met water gedoop as 'n teken dat hy tot die Kerk/Gemeente behoort. • <u>Die belydenis van geloof.</u> Later kom hy hopelik tot persoonlike geloof in Jesus Christus en lê dan 'n openbare belydenis af van sy geloof as 'n teken dat hy wedergebore of geregverdig is. 	<ul style="list-style-type: none"> • <u>Die opdra/seëning.</u> Die onmondige kind word aan Christus toegewy of deur Christus geseën as 'n teken dat hy tot die Kerk/Gemeente behoort. • <u>Die belydenis van geloof en die doop.</u> Later kom hy hopelik tot persoonlike geloof in Jesus Christus, lê dan 'n openbare belydenis van sy geloof af en word met water gedoop as teken dat hy wedergebore of geregverdig is.

J. DIE VRAAG OF IEMAND 'N TWEDE KEER MET WATER GEDOOP MAG WORD

1. Twee verskillende standpunte.

Hierdie gedeelte van die studie is beperk tot mense wat as kind met water gedoop is.

Kerke is nie met mekaar eens oor die vraag of 'n persoon, wat as onmondige kind gedoop is, 'n tweede keer met water gedoop mag word as hy tot 'n persoonlike geloof in Jesus Christus kom.

(1) Die Christene wat gekant is teen 'n tweede doop met water.

Christene wat die klem lê op die gemeenskaplike aspek van die doop met die Gees is oor die algemeen gekant teen die praktyk om 'n gedoopte persoon vir 'n tweede keer met water te doop. Hulle beskou hierdie tweede doop met water (die doop met water van 'n gelowige) as 'n verwerping van die eerste doop met water (die kinderdoop). Hulle beskou die doop met water as 'n teken en seël van 'n eenmalige geestelike gebeurtenis: die aansluiting by God se verbondsvolk, die Kerk/Gemeente.

Die individuele aspek van die doop met die Gees (wedgeboorte, regverdiging, die afwas van alle sondes) word oor die algemeen nie gekoppel aan die doop met water nie, maar aan die openbare belydenis van die geloof. Die verskillende betekenis van die doop met die Gees word wel erken, maar word van mekaar geskei deur 'n periode tussen die doop met water as 'n onmondige kind en die openbare belydenis van geloof as 'n volwasse gelowige.

(2) Die Christene wat nie gekant is teen 'n tweede doop met water nie.

Christene wat die klem lê op die individuele aspek van die doop met die Gees is oor die algemeen nie gekant daarteen om 'n persoon wat gedoop is as 'n onmondige kind 'n tweede keer met water te doop as 'n volwasse gelowige nie. Hulle beskou hulle eerste doop met water as 'n onmondige kind as die teken en seël van hulle aansluiting by God se verbondsvolk (die Kerk/Gemeente) en hulle tweede doop met water as 'n volwasse gelowige as 'n teken en seël van hulle doop met die Gees (hulle wedergeboorte, bekering, om te glo, regverdiging, afwassing van hulle sondes). Hulle doop met water as onmondige kind was 'n geloofsdaad van hulle ouers en die gemeente. Maar hulle doop met water as 'n (volwasse) gelowige is 'n persoonlike geloofsdaad.

Wanneer hulle 'n tweede keer met water gedoop word, beskou hulle dit nie as 'n verwerping van hulle eerste doop met water nie. Hulle verwerp nie die feit dat hulle as onmondige kinders aangesluit het by God se verbondsvolk, die Kerk,

nie. Maar hulle tweede doop met water is bo alles 'n teken en seël van die ander betekenis van die doop met die Gees (wedergeboorte, vereniging met Christus, deel in die verlossingswerk wat Christus volbring het, wat 'n uitwerking het op hulle verlossing in die verlede, hede en toekoms, insluitend hulle regverdiging, afwassing van al hulle sondes en vergewing van al hulle sondes).

2. Die enigste voorbeeld in die Bybel waar mense vir 'n tweede keer met water gedoop is.

Die enigste Bybelse voorbeeld waar mense vir 'n tweede keer met water gedoop is, is in Handeling 19:1-7. Paulus het 'n aantal dissipels in Efese gevind, wat nie die Heilige Gees ontvang het nie (d.i. wat nie met die Gees gedoop was nie). Hulle was nie dissipels van Jesus Christus nie, maar dissipels van Johannes die Doper. Hulle was nie Christene nie en het nog nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees was nie. Hulle het waarskynlik dissipels van Johannes die Doper geword tydens een van die drie verpligte pelgrimsreise na Jerusalem toe (Deuteronomium 16:16) gedurende die tyd dat Johannes die Doper gepreek en met water in die Jordaanrivier gedoop het. Hulle is in die Jordaanrivier met water gedoop in die doop van Johannes as 'n teken van hulle voorbereiding in afwagting om die verwagte Messias te ontvang (Markus 1:4-8).

Die eerste dissipels van Jesus Christus (Johannes 1:33; Handeling 1:13-15) was nie net met water gedoop met die doop van Johannes die Doper of met die doop wat deur Jesus geleer is nie (John 3:22), maar was ook deur Jesus Christus onderrig/geleer. Dit was nie nodig om hulle vir 'n tweede maal met water te doop nie, omdat beide die doop van Johannes (Markus 1:4) en die christelike doop (Handeling 2:38) die vergewing van sonde gesimboliseer het. Maar nadat Jesus Christus sy verlossingswerk op aarde voltooi het, is hulle met die Gees gedoop (Handeling 1:5; Handeling 2:1-4).

Maar hierdie dissipels van Johannes die Doper wat oorgebly het, is net met water gedoop met die doop van Johannes, en nie deur Jesus Christus onderrig nie en nie met die Gees gedoop nie. Hulle doop met water simboliseer nie die doop met die Gees nie. Daarom was hulle eerste doop met water onvolledig en moes hulle 'n tweede keer met water gedoop word.

Paulus het die evangelie oor Jesus Christus aan hulle verkondig en het gesê dat hulle in Jesus Christus (en sy verlossingswerk wat Hy volbring het) moes glo. Hy het gesê dat Jesus Christus mense wat in Hom glo, doop met die Heilige Gees (Markus 1:8; vergelyk Romeine 10:9-10). Hy het presies gesê wat Jesus gesê het, naamlik, dat hulle wedergebore (van bó gebore, opnuut gebore) moes word deur die Heilige Gees om in die Koninkryk van God in te gaan (Johannes 3:3-8).

Hierdie dissipels van Johannes het ook in Jesus Christus begin glo en is met water gedoop *in die Naam van* (soos in Matteus 28:19) Jesus Christus. As apostel van Jesus Christus het Paulus ook die sleutels van die Koninkryk gedra (Matteus 16:18-19; 18:19). Hy het sy hande op hulle gelê en hulle het die Heilige Gees ontvang (d.w.s. ook hulle is met die Gees gedoop).

Die Bybel sê nie wie die voorstel gemaak het dat hierdie dissipels van Johannes 'n tweede keer met water gedoop moes word nie. Handeling 19 is 'n beskrywing van 'n historiese gebeurtenis sonder enige teologiese kommentaar. Daarom mag hierdie Bybelgedeelte nie dien as 'n leerstelling waarin iemand vir 'n tweede maal met water gedoop mag word nie. Wat duidelik is, is dat hierdie dissipels nie met die Gees gedoop was nie en dat die apostel hulle 'n tweede keer met water gedoop het as teken en seël dat hulle ook nou met die Gees gedoop is. Dit was dus 'n missionêre situasie waarin die eerste generasie tot geloof in Jesus Christus gekom het.

In ooreenstemming met die eerste Jode wat in Christus begin glo het (Handeling 2:37-41), die eerste half-Jode (Samaritane) wat in Christus begin glo het (Handeling 8:12-17), die eerste nie-Jode (heidene) wat in Christus begin glo het (1 Korintiërs 12:12-13; Efesiërs 1:13), is ook hierdie vroeëre dissipels van Johannes die Doper met die Gees gedoop toe hulle in Christus begin glo het!

3. Vandag kom Christene tot verskillende gevolgtrekkings.

Dit is duidelik dat die tweede doop met water van die dissipels van Johannes nie dieselfde is as die moderne betwisbare tweede doop (of 'oordoop') met water waarin Christene wat as onmondige kind met water gedoop is:

- 'n tweede keer met water gedoop word wanneer hulle persoonlik in Jesus Christus begin glo
- of gewoon 'n tweede keer met water gedoop word deur onderdompeling wanneer hulle nie eens is met 'n ander metode van doop met water nie (bv. die kinderdoop deur besprenkeling).

Die dissipels van Johannes het nie aan Christus, en ook nie aan sy Kerk/Gemeente, behoort nie. Daarom is hulle 'n tweede keer met water gedoop as die teken en seël dat hulle nou ook wedergebore is en aan die Kerk/Gemeente van Christus behoort. Die dissipels van Jesus Christus het aan Christus en aan sy Kerk/Gemeente behoort en is dus nie vir 'n tweede keer met water gedoop nie!

Die vrae is nou:

- Behoort onmondige kinders van gelowige ouers aan Christus en sy Kerk/Gemeente?
- Behoort mense wat as kind met water gedoop is, verplig te word om 'n tweede keer met water gedoop te word wanneer hulle tot persoonlike geloof in Christus kom?

(1) Die Christen wat gekant is teen 'n tweede doop met water.

Hy beklemtoon die gemeenskaplike aspek van Kerk-wees, naamlik, dat hy ingesluit is by God se verbondsvolk deur die geloof van sy ouers en sy gemeente. Hy is oortuig dat wanneer hy later tot 'n persoonlike geloof in Christus kom, sy doop met water as onmondig kind nog steeds die teken is dat hy aan God se verbondsvolk, die Kerk/Gemeente behoort. Hy is ook oortuig dat die ander betekenis van die doop met die Gees (wedergeboorte, regverdiging) nou 'n werklikheid in sy lewe geword het. Hy laat hom nie 'n tweede keer met water doop nie, omdat hy al aan God se verbondsvolk, die Kerk/Gemeente behoort. Hy beskou Handeling 19:1-7 nie as 'n regverdiging vir die praktyk om mense 'n tweede keer met water te doop nie, omdat in teenstelling met die dissipels van Johannes die Doper, hy al aan die Kerk/Gemeente behoort.

Die voordeel van hierdie standpunt is dat sy doop met water as onmondige kind so baie vir sy gemeente beteken. **Die kinderdoop is die simbool vir die hele gelovige gemeente dat die onmondige kinders van gelowiges volledig by God se verbondsvolk**, die Kerk/Gemeente, behoort. 'n Mens sluit net éénmaal in sy lewe by God se verbondsvolk aan! Die klem lê heeltemal op die gemeenskaplike aspek van Kerk-wees. Die aanvaarding van sy kinderdoop het tot gevolg dat die geloof van die gemeente, (naamlik) dat die hele gemeente insluitend die onmondige kinders tot God se verbondsvolk behoort, versterk word. Ook is hierdie standpunt 'n uitdrukking van liefde teenoor ander lede in die gemeente, omdat hy geen aanstoot gee aan die lede wat sterk glo in die kinderdoop nie.

(2) Die Christen wat toelaat dat hy 'n tweede keer met water gedoop word.

Hy lê klem op die individuele aspek binne Kerk-wees: naamlik, dat hy met Christus verenig word deur sy persoonlike geloof. Hy is oortuig dat wanneer hy later tot 'n persoonlike geloof in Christus gekom het, hy moet toelaat dat hy vir 'n tweede keer met water gedoop word, primêr as die teken dat hy met die Gees gedoop is (d.i. dat hy wedergebore is, bekeer is, geregverdig is, gered/behou is, dat al sy sondes afgewas is, dat hy volkome vergewe is.) Hy is nie gekant teen die betekenis van die doop met die Gees nie, naamlik, dat hy tot God se verbondsvolk behoort, maar hy glo dat die doop met die Gees méér beteken as maar net om te behoort aan God se verbondsvolk. Hy beskou Handeling 19:1-7 as 'n regverdiging vir die praktyk om mense 'n tweede keer met water te doop, omdat net soos die dissipels van Johannes die Doper, hy oortuig is dat hy vóór sy persoonlike geloof in Christus nog nie wedergebore was nie.

Die voordeel van hierdie standpunt is dat sy tweede doop met water, nadat hy tot 'n persoonlike geloof in Christus gekom het, so baie vir hom beteken. **Die doop van gelowiges is die simbool vir die gelowige individu dat hy deur die Heilige Gees wedergebore is** (d.i. dat hy met die Gees gedoop is) en volkome vergewe (geregverdig, skoongewas) is. Sy doop met die Gees het vir hom besondere betekenis. 'n Mens kom net éénmaal in sy lewe persoonlik tot geloof in Christus en word net éénmaal in sy lewe weergebore! Die klem lê op die individuele aspek van Christen-wees. Sy tweede doop met water loop daarop uit dat sy persoonlike geloof versterk word dat hy inderdaad weergebore is (d.i. met die Gees gedoop is). En omdat hy 'n getuie is in die openbaar gee oor God se werk in sy lewe waardeur hy tot geloof gekom het, word ook die geloof van die hele gemeente versterk. Dit stimuleer die gemeente om in geloof te bid en evangelisasie te doen.

K. DIE VERHOUDING TUSSEN CHRISTENE ONDERLING M.B.T. DIE DOOP

1. Beide groepe Christene behoort die klem te lê op die geestelike eenheid in Christus.

“Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind” (Kolossense 3:14).

“Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam en net één Gees, net één Here, één geloof, één doop.” (*Efesiërs 4:3-5).

Beide groepe Christene behoort die klem te plaas op die gemeenskaplike aspek van één Liggaam van Christus te wees (één Kerk/Gemeente) en die klem te lê op die individuele aspek van gedoop te wees met één Gees d.w.s. om wedergebore te wees). “Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk.” (1 Korintiërs 12:13).

Geen bevel. Die tydskop waarop met water gedoop word (as kind van 'n huisgesin of as 'n individuele gelovige) en die metode of wyse waarop met water gedoop word (besprenkeling, begieting of onderdompeling) behoort tot die betwisbare/debatteerbare sake, *omdat dit nie in die Bybel geleer, voorgeskryf, bevel of verbied word nie*.

Wel bevel. Albei groepe Christene behoort mekaar te aanvaar te midde van (en ten spyte van) hulle verskille m.b.t. die sake waarvoor hulle dit nie met mekaar eens is nie. Aanvaar mekaar soos Christus ons ook aanvaar het, sonder om oor meningsverskille te stry ... sodat ons eensgesind, met één mond die God en Vader van ons Here Jesus Christus verheerlik” (vergelyk Romeine 14:1 tot 15:7). En beide groepe behoort mekaar lief te hê net soos Christus hulle met selfopofferende liefde liefgehad het (Johannes 13:34-35).

2. Beide groepe Christene behoort die klem te lê op die Bybelse bevel en nie op die betwisbare/debatteerbare sake nie.

Dikwels plaas Christene die klem op sake wat nie in die Bybel geleer, voorgeskryf, bevel of verbied word nie, maar wat tot die tradisie (oorlewing) van hulle spesifieke kerkgenootskap hoort. Jesus waarsku ons daarteen om God se Woord eenkant toe te skuif ten einde 'n tradisie te handhaaf, of ten einde die tradisionele formulering van hulle geloof

(d.i. hulle geloofsbelydenis) of hulle tradisionele verordeninge en kerkorde te handhaaf. Sulke mense eer God tevergeefs, omdat hulle leerstellings gebooi van mense is. “Julle laat die gebod van God los en hou aan die oorgelewerde gebruik van mense vas” (Markus 7:7-8; Matteus 15:1-20)!

Die apostel Paulus het gesê: “Moenie verder gaan as wat daar geskryf staan (in die Bybel) nie” (*1 Korintiërs 4:6 Multivertaling)!

En Jesus waarsku dat as iemand iets aan die woorde van die Bybel toevoeg, sal God vir hom die plaas byvoeg waarvan in die boek (die Bybel) geskryf staan. En as iemand van die woorde van die Bybel wegneem, sal God sy deel aan die beloftes wat in die Bybel geskryf staan, wegneem (vergelyk Openbaring 22:18-19)!

Nêrens in die Bybel word gemeentes beveel wanneër hulle die tweede generasie (die kinders van gelowiges) met water behoort te doop nie, of op watter manier hulle hul met water behoort te doop nie. Hierdie sake bly debatteerbaar. Die ‘één doop’ (Efesiërs 4:4-6) verwys nie na die tydstip van die doop met water nie: of iemand nog ‘n onmondige kind is, en of hy al ‘n volwasse gelowige geword het. En dit verwys ook nie na die wyse waarop die persoon met water gedoop moet word nie: d.w.s. of die dopeling met water besprinkel word of om water uit te giet op en oor die dopeling, of deur die dopeling onder te dompel in water! Die uitdrukking: “één doop” verwys na die werklikheid en die betekenis van die doop met die Gees!

Christene en hulle gemeente mag nooit die volgende BYBELSE BEVELE en ONDERRIG eenkant toe skuif nie:

- Onderrig: Daar is één doop – die doop met die Gees (Efesiërs 4:4-6).
- Bevel. Aanvaar mekaar se oortuigings oor sake waarvoor die Bybel niks leer nie. Moet nooit Christene verag wat hulle weerhou van bepaalde sake waarvoor Christene verskil van mening het nie. En veroordeel nooit Christene wat hierdie dinge op ‘n ander manier doen nie (Romeinen 14:1-5,13-23; Romeinen 15:7).
- Bevel. Moet nooit jou persoonlike oortuigings oor dít waarvoor Christene twis, op ander Christene afdwing nie (Romeine 14:13-23).
- Bevel. Julle moet mekaar liefhê soos Christus ons liefhet (Johannes 13:34-35). Die liefde bind alle deugde saam tot ‘n volmaakte eenheid (Kolossense 3:14). Sonder liefde “is ek ‘n nul” en “bereik ek niks” (1 Korintiërs 13:1-3)!
- Bevel. Beywer jou om die eenheid van die Gees, deur die band van vrede, te bewaar. Daar is één Liggaam, ... één Here, één geloof, één doop” (Efesiërs 4:3-5).

Alle Christene en hulle gemeentes moet hulle afvra:

- “Wat bevorder die liefde en vrede in my eie gemeente?”
- “Wat bevorder die liefde en vrede in die verhouding tot ander gemeentes?”

3. Beide groepe Christene behoort die klem te lê op die drie beginsels vir eenheid tussen Christene:

- Eenheid in essensiële sake (die belangrike onderrig en bevel in die Bybel)
 - Aanvaarding in die ander sake (d.i. die sake waarvoor daar verskil van mening bestaan tussen Christene)
 - Liefde in alles.
-